
GESKIEDENIS

*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

# *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*




## ***Verdere Onderwys- en Opleidingsfase***
## ***Graad 10-12***

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD 10-12

# GESKIEDENIS

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http: //www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0601-9**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot ‘n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**

# INHOUD

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM EN ASSESSERING BELEIDSVERKLARING........3**

**1.1 Agtergrond ....3**

**1.2 Oorsig ....3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse kurrikulum ....4**

**1.4 Tydstoekenning ....6**

1.4.1 Grondslagfase ....6

1.4.2 Intermediêre Fase ....6

1.4.3 Senior Fase ....7

1.4.4 Grade 10 - 12 ....7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT GESKIEDENIS ....8**

**2.1 Wat is Geskiedenis? ....8**

**2.2 Spesifieke Doelwitte ....8**

**2.3 Vaardighede en konsepte ....8**

2.3.1 Tabelle met Vaardighede ....9

2.3.2 Konsepte ....10

**2.4 Rasionaal vir die organisering van inhoud en gewigte ....10**

**2.5 Oorsig van VOO-onderwerpe ....12**

**AFDELING 3: OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN JAARLIKSE ONDERRIG PLANNE ....13**

**3.1 Inhoud vir Graad 10....3**

**3.2 Inhoud vir Graad 11 ....19**

**3.3 Inhoud vir Graad 12....25**

**AFDELING 4: ASSESSERING IN GESKIEDENIS....32**

**4.1 Wat is Assessering? ....32**

4.1.1 Assessering in Geskiedenis ....32

**4.2 Informele of daaglikse assessering ....32**

**4.3 Formele Assessering ....33**

4.3.1 Kognitiewe vlakke en vermoëns aangespreek tydens formele assessering ....33

**4.4 Assesseringsprogramme** .. 34

4.4.1 Assesseringsprogram en gewig van take ... 34

4.4.2 Eksamens ... 37

4.4.3 Globale assessering van opstelle ... 41

4.4.4 Assessering van brongebaseerde vrae ... 42

4.4.5 Riglyne vir Graad 12 eksamenvraestelle ... 42

**4.5 Optekening en Rapportering** ... **51**

4.5.1 Kodes en persentasies vir optekening en rapportering ... 51

**4.6 Moderering van Assessering** ... **51**

4.6.1 Moderering in Geskiedenis ... 51

**4.7 Algemeen** ... **52**

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesseringsaangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;

- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en

- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van ‘n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is ‘n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort ‘n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 7<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ‘n Maksimum tyd van 8 uur en ‘n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ‘n minimum tyd van 2 uur en ‘n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ‘n maksimum van 8 uur en ‘n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ‘n Minimum van 3 uur en ‘n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 4<br>(1,5)<br>(1)<br>(1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

# AFDELING 2

## 2.1 Wat is Geskiedenis?

Geskiedenis is die studie van verandering en ontwikkeling in die samelewing met verloop van tyd. Die studie van geskiedenis stel ons in staat om te verstaan hoe menslike optrede in die verlede die hede raak en ons toekoms beïnvloed, en dit laat ons toe om hierdie gevolge te evalueer. Geskiedenis gaan dus oor hoe om oor die verlede te dink, wat die hede beïnvloed, op ‘n gedissiplineerde wyse. Geskiedenis is ‘n proses van ondersoek. Dit gaan dus oor die vra van vrae oor die verlede: Wat het gebeur? Wanneer het dit gebeur? Waarom het dit op daardie tydstip gebeur? Wat was die korttermyn- en langtermyngevolge? Dit laat ons krities dink oor stories wat mense ons van die verlede vertel, asook oor stories wat ons onsself vertel.

Die studie van geskiedenis ondersteun ook burgerskap binne ‘n demokrasie deur:

- die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet te handhaaf en om mense te help om daardie waardes te verstaan;
- die perspektiewe van ‘n breë sosiale spektrum te weerspieël sodat ras, klas, geslag en die stemme van gewone mense verteenwoordig word;
- burgerlike verantwoordelikheid en verantwoordelike leierskap aan te moedig, insluitend die hanteer van huidige maatskaplike en omgewingskwessies;
- menseregte en vrede te bevorder deur vooroordele wat ras, klas, geslag, etnisiteit en xenofobie betref, uit te daag; en
- jong mense vir plaaslike, streeks-, nasionale, kontinentale en globale verantwoordelikheid voor te berei.

## 2.2 Spesifieke Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van geskiedenis is die skep van:

- ‘n belangstelling in en om die studie van die verlede te geniet;
- kennis, begrip en waardering van die verlede en die kragte wat dit gevorm het;
- die vermoë om ‘n historiese ondersoekproses te doen, wat op vaardighede gebaseer is; en
- ‘n begrip van geskiedkundige konsepte, insluitend historiese bronne en bewyse.

## 2.3 Vaardighede en konsepte

### 2.3.1 Vaardighede

Geskiedenis is ‘n proses van ondersoek.

‘n Deeglike proses van ondersoek stel leerders in staat om die vaardighede wat in die tabel hieronder genoem word, te verwerf. Ons toon ook in die tabel aan hoe leerders dit kan bemeester.

| Vaardighede | Hoe vaardighede bereik kan word |
|---|---|
| Verstaan die omvang van inligtingsbronne beskikbaar vir bestudering van die verlede. | Deur inligting uit verskillende bronne te versamel ten einde ‘n vollediger prentjie te verkry.<br>Deur te erken dat die tipe inligting wat van verskillende bronne verkry is, verskillende perspektiewe oor die gebeurtenis toon. Deur byvoorbeeld soveel as moontlik van die volgende bronne te vind: manuskripte (handgeskrewe dagboeke, briewe en notaboeke), gedrukte teks (boeke, koerante en webtuistes), video’s of rolprente, foto’s, tekeninge, skilderye of strokiesprente en mondelinge bronne (onderhoude, stories en liedjies). |
| Onttrek en interpreteer inligting uit ‘n aantal bronne. | Deur relevante inligting oor die onderwerp wat ondersoek word of vir die vraag wat beantwoord word, uit te kies.<br>Deur sin te maak van die inligting binne die konteks. |
| Evalueer die bruikbaarheid van bronne, insluitend betroubaarheid, stereotipering en subjektiwiteit. | Deur te besluit oor die betroubaarheid van die inligting. Betroubaarheid behels of jy die bronne kan vertrou in terme van wie dit geskep het en vir watter doel dit geskep is. Om ‘n stereotipe te identifiseer is om gewilde, maar dikwels oorvereenvoudigde (foutiewe) idees van wat iemand of iets is, te herken. Om subjektiwiteit te identifiseer, beteken om die mate waartoe die bron die spesifieke opinie of omstandighede van die skrywer of skepper verteenwoordig, te ontdek. |
| Erken dat daar dikwels meer as een perspektief oor ‘n historiese gebeurtenis bestaan. | Deur dinge vanuit meer as een oogpunt te sien of te besef dat daar twee kante van dieselfde storie kan wees. Byvoorbeeld, die belewing van ‘n gewone dag of ‘n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis sal verskillend wees uit die oogpunt van ‘n gewone mens as uit die oogpunt van ‘n leier. Dit kan insluit om jouself in daardie tyd in te dink en inligting uit daardie era te gebruik om soos iemand uit die verlede te dink. Dit word dikwels beskryf deur die frase ‘om in iemand anders se skoene te loop’. (Vooroordeel is die teenoorgestelde – dis eensydigheid.) |
| Verduidelik waarom daar verskillende interpretasies van historiese gebeurtenisse en mense se optrede is. | Deur die gevolgtrekkings waartoe gekom is, of opinies oor mense en gebeure uit die verlede te analiseer en op te weeg. Die interpretasies mag deur verskillende geskiedkundiges, teksboekskrywers, joernaliste, akteurs of vervaardigers gemaak word, byvoorbeeld oor dieselfde ding. |
| Neem deel aan konstruktiewe en gefokusde debat deur die omsigtige evaluering van historiese bewyse. | Deur deel te neem aan debat oor wat gebeur het (en hoe en waarom dit gebeur het). Debatvoering beteken om met ander oor die inligting uit die bronne te praat, en ook die inligting te gebruik om ‘n opinie te vorm. Dit beteken ook om formele redenasievaardighede te ontwikkel. |
| Organiseer bewyse om ‘n argument te staaf ten einde ‘n oorspronklike, samehangende en gebalanseerde artikel oor die geskiedenis te skryf. | Deur op ‘n sistematiese manier bewyse te gebruik om ‘n argument te staaf. Dit word gewoonlik gedoen deur ‘n opstel te skryf, maar dit kan ook bv. gedoen word deur ‘n tabel op te trek of te voltooi, ‘n diagram of grafiek te ontwerp, of ‘n toespraak voor te berei. Samehangende skryfwerk het ‘n storielyn wat ‘n duidelike volgorde het en op ‘n logiese manier georganiseer word (bv. opeenvolging, verduideliking, bespreking). Oorspronklike (onafhanklike) skryfwerk mag jou eie opinie of ‘n weergawe van iemand anders se opinie bevat. Dit is gebalanseerd as die gevolgtrekking nie eensydig of subjektief is nie. DIt kan ook in ‘n debat gedoen word. |
| Werk krities met kwessies oor erfenis en openbare voorstellings van die verlede, asook bewaring. | Deur te dink hoe die verlede onthou word en wat ‘n persoon of gemeenskap of land kies om oor die verlede te onthou. Dit beïnvloed die manier waarop gebeure uit die verlede in museums en monumente en in tradisies weerspieël word. Dit sluit die kwessie oor wie se verlede onthou word en wie s’n geen erkenning ontvang nie, in of hoe ‘n monument of museum meer inklusief gemaak kan word. |

### 2.3.2 Konsepte

In die studie van Geskiedenis is die volgende konsepte pertinent:

- Historiese bronne en bewyse: Geskiedenis is nie die verlede self nie. Dit is die interpretasie en verduideliking van inligting uit verskillende bronne. Bewyse word geskep wanneer bronne gebruik word om vrae oor die verlede te beantwoord.
- Multi-perspektief: Daar is meer as een manier om dieselfde aspek te benader. Hierdie perspektiewe mag die resultaat wees van verskillende opinies van mense uit die verlede volgens hul posisie in die samelewing, die verskillende wyses waarop geskiedkundiges oor hulle geskryf het, en die verskillende wyses waarop mense tans die optrede en gedrag van mense uit die verlede beskou.
- Oorsaak en gevolg: Dit is die rede vir gebeure en die gevolge daarvan. Die oorsake van iets bepaal toekomstige gebeure en help om menslike gedrag te verduidelik.
- Verandering en kontinuïteit: Dit is moontlik om oor ‘n tydperk te kontrasteer wat verander het en wat dieselfde gebly het. Naby verwante kontraste wat gebruik word om geskiedenis te onderrig, is ‘ooreenkomste en verskille’, wat betrekking het op ‘toe en nou’, wat help om sin van die verlede en die hede te maak.
- Tyd en chronologie: Geskiedenis word bestudeer en in volgorde van tyd geskryf. Dit is belangrik om gebeure in die volgorde waarin dit gebeur het, te kan plaas. Tydlyne word dikwels gebruik om hierdie konsep te ontwikkel.

## 2.4 Rasionaal vir die organisering van inhoud en gewigstoekenning

Die rasionaal vir die organisering van inhoud is soos volg:

- ‘n Breë chronologie van gebeure word toegepas in graad 10-12 se inhoud, vanaf die 17de eeu tot die hede.
- Die vergelykende benadering onthul die interverbintenis tussen plaaslike en wêreldgebeure – wat in die res van die wêreld gebeur, het ‘n uitwerking op wat in Suid-Afrika gebeur, en omgekeerd. ‘n Verhaal word vir elke graad gehandhaaf deur te fokus op sleutelgebeure tydens daardie eeu of eeue.
- Herhaling van onderwerpe tussen graad 7–9 en graad 10-12 is verwyder.
- Die oorlading van inhoud is hanteer deur die aantal onderwerpe in elke graad te verminder en sommige onderwerpe te vereenvoudig. In graad 10 en 11 is die inhoudskomponent nou sowat 70% van wat leerders volgens die NKV moes doen.
- In Graad 12 is die inhoud meer logies georganiseer. Die minimum aantal onderwerpe wat ‘n NSS-kandidaat moet doen, bly egter dieselfde.
- Leerders kry ‘n begrip van hoe die verlede die hede beïnvloed het asook oor die sleutelvraag vir VOO: Hoe verstaan ons ons wêreld vandag? Wanneer geskiedenis onderrig word, is dit belangrik om die huidige relevansie van die gebeure wat bestudeer word, te bewys.

- Sleutelvrae word gebruik om elke onderwerp te fokus. Die doel hiervan is om leerders daaraan te herinner dat:

  (a) vrae beteken dat geskiedenis 'n ondersoek-dissipline is en nie net kennis wat ontvang word nie;

  (b) historiese kennis oop, debatteerbaar en veranderlik is;

  (c) geskiedenislesse rondom die intrige van vrae gebou word; en

  (d) navorsing, ondersoek en interpretasie gelei word deur vrae wat gestel word.

**Gewigstoekenning van die onderwerpe**

Onderwerpe het gelyke gewigte, behalwe onderwerp 1 van graad 10, wat 'n inleidende oorsig is en daarom kleiner as die ander is, en onderwerp 4 van Graad 11, wat groter as al die ander onderwerpe is. (Dit is die rede waarom daar slegs 5 onderwerpe in graad 11 is, terwyl daar 6 onderwerpe elk in graad 10 en 12 is.)

Graad 10 en 11 het effektief 35 onderrigweke, uitsluitend die Junie- en November-eksamens, maar insluitend deurlopende assesseringsaktiwiteite.

Dit laat gemiddeld ses weke per onderwerp toe, asook assesseringsaktiwiteite, sowel as die Program van Assessering (PVA).

In graad 10 stel ons die volgende skedule voor:

- Onderwerp 1: 3 weke;
- Onderwerpe 2, 3, 4, 5, 6: 6 weke elk; en
- Erfenistaak: 2 weke.

In graad 11 stel ons die volgende skedule voor:

- Onderwerp 1, 2, 3, 5: 6 weke elk;
- Onderwerp 4: 10 weke; en
- Navorsingstaak: 1 week.

Vir die doel van die graad 12 finale eksamen is sekere aspekte van die onderwerpe aan opsteltipe of brongebaseerde vrae toegeken. Onderwysers moet hierdeur gelei word wanneer hulle die inhoud aanbied, en wanneer hulle die kandidate vir die eksamen voorberei.

Graad 12 het effektief 25 onderrigweke vir die jaar, uitsluitend die Junie- en September-eksamens, maar insluitend deurlopende assesseringsaktiwiteite. Dit laat vier weke per onderwerp toe, asook assesseringsaktiwiteite, sowel as die van die PVA.

In graad 12 stel ons die volgende skedule voor:

- Onderwerp 1, 2, 3, 4, 5, 6: 4 weke elk.

## 2.5 Oorsig van VOO-onderwerpe

| GRAAD10 | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp nr.** | **Titel** | **Bladsy** |
| 1 | Die wêreld rondom 1600 | |
| 2 | Uitbreiding en verowering tydens die 15de -18de eeu | |
| 3 | Die Franse Rewolusie | |
| 4 | Transformasies in suidelike Afrika na 1750 | |
| 5 | Koloniale uitbreiding na 1750 | |
| 6 | Die Suid-Afrikaanse oorlog en unie | |

| GRAAD 11 | | |
|---|---|---|
| 1 | Kommunisme in Rusland 1900 tot 1940 | |
| 2 | Kapitalisme en die VSA 1900 tot 1940 | |
| 3 | Idees oor ras in die laat 19de en 20’ste eeu | |
| 4 | Nasionalisme: Suid-Afrika, die Midde-Ooste en Afrika | |
| 5 | apartheid Suid-Afrika 1940’s tot 1960’s | |
| **GRAAD 12** | | |
| 1 | Die Koue Oorlog | |
| 2 | Onafhanklike Afrika | |
| 3 | Burgerlike samelewingsprotes 1950’s tot 1990’s | |
| 4 | Burgerlike samelewingsprotes 1970’s tot 1980’s in Suid-Afrika | |
| 5 | Die koms van demokrasie in Suid-Afrika, en om met die verlede vrede te maak | |
| 6 | Die einde van die Koue Oorlog en ‘n nuwe globale wêreldorde 1989 tot die hede. | |

# AFDELING 3

*Die sleutelvraag vir Graad 10-12 is: 'Hoe verstaan ons ons wêreld vandag?'*

## 3.1 Inhoud vir Graad 10

***Hoe het die wêreld sedert die laat 19de eeu verander?***

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| **Kwartaal 1: GRAAD 10**<br>**OnderOnderwerp 1: Die wêreld omstreeks 1600** |
| **Hoe het die wêreld omstreeks 1600 gelyk?**<br>**Agtergrond en fokus**<br>Op hierdie stadium was dit nie duidelik dat Europa die wêreld sou oorheers nie. Die bedoeling is om 'n breë vergelykende oorsig van sommige van die groot ryke met Europa, wat nie 'n ryk was nie, te bied. Gemeenskappe was dinamies en het veranderinge ondergaan – alhoewel die verandering op daardie stadium stadiger was as na die Europese uitbreiding (Onderwerp 2). Die rol van vroue in die gemeenskap moet in al die eenhede ingesluit word. Die studies van die drie ryke behoort vertellings oor die eerste kontak met Europa voor die verowerings, toe verhoudings nog gebalanseerd was, in te sluit.<br>Dit bestaan uit 'n breë vergelykende oorsig:<br>*China: 'n wêreldmag in die 14de en 15de eeu (1368 tot 1644):*<br>• die Ming-dinastie: regering en samelewing<br>• reis en handel: skeepsbou, navigasie, (kompas), Chinese seevaarders wat die wêreld karteer; handel en invloed langs die Asiese seeroetes; skatekspedisies van Zheng He vanaf 1405 to 1433;<br>• wetenskaplike en kulturele prestasies van die Ming-dinastie; en<br>• China kyk binnetoe na 1433.<br>*Songhai: 'n Afrika-ryk in die 15de en 16de eeu (rondom 1340 tot 1591)*<br>• die Songhai-ryk onder Sonni Ali: regering en samelewing;<br>• reis en handel met Songhai tydens die hoogtepunt van sy mag (Arabiese, Italiaanse en Joodse handelaars by Timboektoe);<br>• leer en kultuur; en<br>• die val van die Ryk: Marokkaanse inval van 1591.<br>*Indië (Mogol) (1526 to 1858):*<br>• die Mogol-ryk: regering en samelewing;<br>• handel in die Indiese Oseaan en Islamitiese wêreld;<br>• astronomie en tegnologie (naatlose hemelbol);<br>• argitektuur in die 16de en 17de eeu: die Taj Mahal; en<br>Brittanje en die einde van die Mogol-ryk.<br>*Europese gemeenskappe:*<br>• feodale gemeenskappe;<br>• die Swart Dood: plae en die gevolge;<br>• reis en handel dwarsoor Europa en die Baltiese See;<br>• kuns, wetenskap en tegnologie: die Renaissance; en<br>• veranderings in feodalisme: opkomende middelklasse. |

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| <u>KWARTAAL 1: GRAAD 10</u><br>**Onderwerp 2: Europese uitbreiding en verowering tydens die 15de tot 18de eeue** |
| ***Hoe het Europese uitbreiding die wêreld verander?***<br>**Agtergrond en fokus**<br>Hierdie tema volg op die vorige een. Nadat ons gekyk het na ‘n tydperk toe dit nie duidelik was dat Europa die wêreld sou oorheers nie, verken hierdie tema nou hoe en waarom Europa in staat was om groot dele van die wêreld te koloniseer in minder as twee eeue. Die fokus is op die vroeë kolonisasieprosesse en die gevolge op die gekoloniseerde gemeenskappe, op idees van rassemeerderwaardigheid en op die balansering van mag in die wêreld. Dit behoort ‘n breë oorsig te wees.<br>**Oorsig**<br>• Die redes waarom Europese uitbreiding moontlik was.<br>**Gevallestudies**<br>Die volgende gevallestudies word in hierdie afdeling ingesluit:<br>• Amerika: Spaanse verowering; en<br>• Afrika: Portugal en die vernietiging van die Indiese Oseaan-handel; en die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie.<br>Elk van die gevallestudies sluit in:<br>• die prosesse van verowering en kolonialisme;<br>• hoe kolonisasie tot die slawernypraktyk gelei het;<br>• die impak van slawehandel op gemeenskappe; en<br>• die gevolge vir die inheemse gemeenskappe en in die wêreld. |

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| <u>**KWARTAAL 2: GRAAD 10**</u><br><br>**Onderwerp 3: Die Franse Rewolusie** |

***Hoe het die Franse Rewolusie die grondslag vir moderne demokrasieë gelê?***

**Agtergrond en fokus**

Terwyl kolonialisme en slawerny in die 18de eeu geblom het, is die fondamente van moderne demokrasie ook gevestig. Dit is belangrik om die idees van vryheid, gelykheid, broederskap en individuele vryheid in die laat 18de eeu te oordink, en om te verstaan wat dit vir die gemeenskappe van daardie tyd beteken het. Die toestande in Frankryk wat aanleiding tot die rewolusie gegee het, moet in konteks geplaas word met betrekking tot waarom rewolusies nie in 'n hervormde monargie soos die Verenigde Koninkryk of in Rusland voorgekom het nie.

Die volgende moet in hierdie tema behandel word:

**Frankryk in 1789:**

- wat is 'n rewolusie?
- die toestande in Frankryk wat 'n rewolusie teen 1789 moontlik gemaak het.

**Die oorsake en verloop van die rewolusie:**

Dit sluit in:

- verwerping van die *ou regime*: die nuwe idees van vryheid, gelykheid, broederskap en individuele vryheid; en die betekenis hiervan in die konteks van die laat 18de eeu;
- die betekenisvolle gebeure tydens die Rewolusie;
- die rol van gewone mense tydens die Rewolusie;
- die impak van die rewolusionêre idees op die res van die wêreld; en
- die redes vir internasionale weerstand teen die rewolusionêres in Frankryk.

**Napoleon, die reaksie teen demokrasie en die modernisering van Frankryk**

**Gevallestudie: die verspreiding van rewolusionêre aspirasies:**

- idees van vryheid en slawerny in die Franse kolonies: Haïti en Toussaint L'Ouverture.

**Nalatenskappe**

- die nalatenskap van die Franse Rewolusie in die 19de eeu en vandag.

**FASE: GRAAD 10-12**

**KWARTAAL 2 EN 3: GRAAD 10**

**Onderwerp 4: Transformasie in Suider-Afrika ná 1750**

***Watter transformasies het na 1750 in Suid-Afrika plaasgevind? Debatte oor die verskyning van nuwe state***

**Agtergrond en fokus**

Suider-Afrika het in die 18de en 19de eeu transformasie ervaar. Dit was die tydperk wat bekend geword het as die “Mfecane’. Hierdie eenheid reflekteer navorsing wat ons help om te verstaan hoe en waarom transformasie op daardie stadium plaasgevind het. Shaka is as die grootste bron van konflik gedurende hierdie tyd beskou. Nietemin het geskiedkundiges egter weg beweeg van die idee van mfecane/difaqane, wat verbind word aan uitgediende, koloniale-era idees wat die ‘Shaka-oorloë’ sentraal stel. Oorloë en ontwrigting het plaasgevind, maar die meeste hiervan is nie deur Shaka en die Zoeloes veroorsaak nie. Hierdie eenheid ondersoek die onlangse navorsing en verken die wyses waarop historiese mites saamgestel word.

Die volgende moet in hierdie tema behandel word:

- **Hoe het Suid-Afrika in 1750 daar uitgesien?**
- **Politieke veranderinge tussen 1750 en 1820**
  - binneland: uitbreiding van suidelike Tswana-hoofmanskappe; en
  - in die ooste: die opkoms van die Ndwandwe-koninkryk onder Zwide.
- Politieke rewolusie tussen 1820 en 1835
  - in die ooste: verbrokkeling van die Ndwandwe-koninkryk en die opkoms van die Zoeloe-staat en konsolidasie onder Dingaan;
  - noordelike binneland: opkoms van die Ndebele-koninkryk onder Mzilikazi;
  - suidelike binneland: rol van Boer, Kora en Griekwastropers; die opkoms van die Sotho-koninkryk onder Moshoeshoe en sy verhouding met sy bure; en
  - ander state en hoofmanskappe: Gaza, Swazi, Pedi, Mpondo, suidelike Tswanas.

**Nalatenskappe**

Hoe word Shaka onthou?

- hoe Shaka uitgebeeld was – verlede en hede (of voorstellings van Shaka);
- bronne/bewyse vir ons geskiedenis van Shaka; en
- waarom is Shaka op hierdie manier uitgebeeld

**Notas vir hierdie eenheid**

Die Ndwandwe-koninkryk was die dominante mag in die ooste vanaf 1750 tot 1820. Die koninkryk se rol is oor die hoof gesien, want sy geskiedenis is oorheers deur die opvolgende Zoeloe-koninkryk. Historici tydens hierdie tydperk voel dat dit belangrik is om die Ndwandwe by ons studie oor die geskiedenis van hierdie tydperk in te sluit.

Volgens die nuwe siening, het die Zoeloe-koninkryk verrys as een van verskeie belangrike Afrikastate. Dit was die produk eerder as die oorsaak van ‘n lang tydperk van politieke opstande. Mzilikazi is normaalweg as ‘n vlugteling van Shaka gesien. ‘n Meer akkurate siening is dat hy weggetrek het om aan opstande wat deur die Ndwandwe-Mthethwa Zoeloe-oorloë veroorsaak is, te ontsnap. Die lewensloop van sy migrerende, roofsugtige koninkryk was baie meer ontwrigtend as dié van die Zoeloe-koninkryk.

Die Gaza-koninkryk onder Shoshangane in suidelike en Sentraal-Mosambiek is nog ‘n staat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat oor die hoof gesien is, alhoewel dit aansienlike invloed oor die geskiedenis van wat nou as Mpumalanga en Limpopo provinsies bekend staan, uitgeoefen het. In terme van die geografiese gebied wat hierdie koninkryk beslaan het, was dit die grootste van die Afrikastate van hierdie tydperk.

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| <u>KWARTAAL 3: GRAAD 10</u><br>**Onderwerp 5: Koloniale uitbreiding na 1750** |

***Hoe het koloniale uitbreiding na die binneland Suid-Afrika verander?***

**Agtergrond en fokus**

Die fokus is op die impak wat die eise van die groeiende kapitalistiese ekonomie in Brittanje op gemeenskappe in Suider-Afrika gehad het. Tydens hierdie tydperk was Suider-Afrika in die wêreld-ekonomie ingetrek. ‘n Ooreenkoms kan getref word met die Franse Rewolusionêre Oorloë, met Brittanje wat beheer oor die Kaap in 1795 oorgeneem het, sowel as die konsolidasie van Britse beheer en die impak wat dit na 1806 gehad het. Hersien hoe die slawehandel Brittanje se Industriële Rewolusie gestimuleer het en toegelaat het dat die tegnologie van kolonialisme ontwikkel. ‘n Breë begrip eerder as detail word vereis.

Samewerking en konflik op die Hoëveld fokus op die broosheid van die Boererepublieke en die konflikte en alliansies tussen die Boere en die Hoëveldse hoofmanskappe, spesifiek met Moshoeshoe. Moshoeshoe het op hierdie stadium as ‘n vaardige taktikus verskyn, wat militêre strategie met ‘n beleid van vrygewigheid in oorwinnings, diplomasie en onderhandelings in sy transaksies met ander Afrikaleiers, sowel as die Boeretrekkers, die Britse koloniseerders en die sendelinge gebalanseer het. Moshoeshoe word in lofpoësie as ‘n militêre strateeg, diplomaat, onderhandelaar, vredemaker en nasiebouer gehuldig.

Die volgende moet in hierdie tema behandel word:

**Brittanje neem beheer van die Kaap oor**

- inheemse bevolking: weggedryf of ingetrek in die arbeidsmag;
- veranderende arbeidspatrone: beëindiging van slawehandel (1807) en slawerny (1834) aan die Kaap en die beheer van arbeid;
- uitbrei van grense en handel;
- Boere se reaksie op Britse beheer: die trek na die binneland; en
- Xhosa-reaksies: samewerking en konflik, insluitend die Veeslagting.

**Die Zoeloe-koninkryk en die kolonie van Natal**

- die behoefte aan ‘n gekontroleerde arbeidsmag: gekontrakteerde Indiese arbeiders (suiker); ook arbeiders vir spoorweë en steenkool; en
- die Anglo-Zoeloe-oorloë.

**Samewerking en konflik op die Hoëveld**

- die Boererepublieke en die Basoetoe-koninkryk onder Moshoeshoe as ‘n gevallestudie.

**FASE: GRAAD 10-12**

**KWARTAAL 4: GRAAD 10**

**Onderwerp 6: Die Suid-Afrikaanse Oorlog en Unie**

***Hoe het die periode van 1899 – 1910 die Suid-Afrika van die 20'ste eeu gevorm?***

**Agtergrond en fokus**

Hierdie tema ondersoek die maniere waarop die politiek en kultuur van die Boererepublieke gebots het met die moderniserende stukrag van die Uitlanders aan die snelgroeiende Rand in die laat 19de eeu. Bestudering van die gedeelte oor die Suid-Afrikaanse Oorlog vanaf 1899 tot 1902 moet onlangse navorsing reflekteer. Die onderwerp eindig met die Unie-ooreenkoms in 1910. Die Unie het die grondslag gelê vir wit samewerking ten koste van swart Suid-Afrikaners (in terme van stemreg en grond). Dit het gelei tot die konsolidasie van wit heerskappy, en daarmee is die weg gebaan vir 'n stelsel van rasse-kapitalisme. Die Wet op Grondbesit was die voorloper van apartheid se grondooreenkoms, wat gelei het tot gedwonge verskuiwings met al die maatskaplike en ekonomiese gevolge.

Die volgende moet in hierdie onderwerp behandel word:

**Agtergrond tot die Suid-Afrikaanse Oorlog: mynkapitalisme (breë oorsig)**

Die volgende is ingesluit:

- Suid-Afrika op die vooraand van die oorlog – hersien die ontwikkeling van mynbou en die impak van mynbou op die Witwatersrand;
- invloei van kapitaal en ontwikkeling van mynboumaatskappye en aandelebeurs, sowel as tegnologie;
- Brittanje se posisie as die wêreld se internasionale finansierder;
- opkoms van klasse: kapitaliste, die middelklas en werkers;
- die vorming van 'n trekarbeidstelsel wat diep en verreikende gevolge vir Suid-Afrika en die hele streek gehad het;
- skepping van 'n rasverdeelde industriële arbeidsmag – die wetgewing van werkreservering en lae lone aan swart arbeiders, wat strukturele onsekerheid vir wit werkers geskep het en rassisme aangehelp het; en
- die reaksies van Afrika-gemeenskappe op die aanvraag na arbeid.

**Die Suid-Afrikaanse Oorlog vanaf 1899 tot 1902**

Hierdie afdeling sluit die volgende temas in:

- aanloop tot die oorlog
  - Brittanje se toenemende belangstelling in Suid-Afrika met die ontdekking van minerale; en
  - politieke en ekonomiese stryd om beheer van die goudvelde.
- twee fases van die oorlog (breë oorsig)
- verskroeideaardebeleid
- Britse konsentrasiekampe – ervarings van Afrikaners;
- rol en ervarings van vroue in die oorlog;
- rol en ervarings van swart Suid-Afrikaners in die oorlog; en
- die einde van die oorlog: vredesonderhandelinge.

**Die Unie van Suid-Afrika 1910 ('n kort oorsig)**

**Die Naturelle Grondwet van 1913**

Hierdie afdeling sluit in:

- ekonomiese en maatskaplike impak – Sol Plaatje; en
- die grondbeginsels van die apartheidstelsel

## 3.2 Inhoud vir Graad 11

***Hoe die konsepte imperialisme, kapitalisme, kommunisme, rassisme en nasionalisme die eeu 1850 tot 1950 definieer.***

| **FASE: GRAAD 10-12** |
|---|
| **KWARTAAL 1: GRAAD 11**<br>**Onderwerp 1: Kommunisme in Rusland vanaf 1900 tot 1940** |
| ***Hoe is kommunisme in Rusland onder Lenin en Stalin toegepas?***<br>**Agtergrond en fokus**<br>In hierdie onderwerp, sowel as die volgende een word die opkoms van die twee ekonomiese stelsels wat die 20'ste eeu gedomineer het, kommunisme en kapitalisme, ontleed. Hierdie onderwerp poog om 'n begrip van Marxistiese, sosialisme en verskeie vorme van kommunisme, binne die konteks van die Sowjetunie, te verstaan. Die 1905 Rewolusie kan as 'n voorloper van die 1917 Bolsjewiek Rewolusie beskou word: Trotsky was betrokke by die stigting van die St Petersburg sowjet in 1905. Lenin het die gebeure vanuit ballingskap dopgehou en sy eie rewolusionêre teorie ontwikkel.<br>Die volgende moet in hierdie tema behandel word:<br>• Wat is kommunisme;<br>• Die geskrifte van Karl Marx;<br>• 1905-rewolusie: die kwessies wat tot die rewolusie gelei het;<br>• Die skakel tussen die 1905- en 1907-rewolusies: massadeelname van werkers en kleinboere; Trotsky se rol; en die invloed op Lenin se rewolusionêre teorie;<br>• Die Februarie- en Oktober-rewolusies van 1917: politieke, ekonomiese en maatskaplike oorsake;<br>• Die burgeroorlog en oorlogskommunisme;<br>• Lenin neem beheer van die staat oor; die Party as die voorhoede (hoof) van die proletariaat;<br>• Lenin se interpretasie van Marxisme: Marxistiese-Leninisme;<br>  - Die NEB: die aanpassing van Marxistiese;<br>• Vroue en die Russiese Rewolusie;<br>• Dood van Lenin en die magstryd: nasionaal versus internasionalisme (Trotsky en Stalin);<br>• Stalin se interpretasie van Marxistiese-Leninisme;<br>  - kollektivisering en industrialisasie;<br>  - politieke terreur – suiwerings en skynverhore van die 1930's;<br>  - die effek van Stalin se beleide op die Sowjet-volk;<br>  - vroue in die Sowjetunie onder Stalin; en<br>• die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. |

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| KWARTAAL 1 EN 2: GRAAD 11<br>**Onderwerp 2: Kapitalisme in die VSA vanaf 1900 tot 1940** |

***Hoe het die Groot Depressie in die VSA 'n krisis vir kapitalisme meegebring?***

**Agtergrond en fokus**

Noudat ons na sosialisme in die vorige tema gekyk het, ondersoek ons kapitalisme soos dit in die VSA ontwikkel het. Ons neem in ag die krisis van kapitalisme wat gevolg het weens die Groot Depressie. Tydens Roosevelt se voorstelling van 'n Nuwe Bedeling is dit deur party gekritiseer omdat dit sosialisme bygesleep het. Leerders moet die kritiek, wat betrekking het op die Nuwe Bedeling-programme wat ingestel is om verligting, herstel en hervorming teweeg te bring, analiseer. Kon Roosevelt se vorm van staatsinmenging om werk te skep, sowel as die welsynstelsel wat hy begin het, beskou word as maatskaplike hervorming, en het hy daarmee die kapitalistiese stelsel in die VSA ondermyn?

Hierdie afdeling sluit die volgende in:

- die aard van kapitalisme in die VSA – entrepreneursgewys en kompeterend; met growwe individualisme, 'n vrye mark; en met minimale staatsbeheer oor besighede;
- die Amerikaanse droom van individuele moontlikhede – 'van lompe tot luukse' (rags to riches);
- kapitalistiese ontploffing van die 1920's: sterk en swak punte van die Amerikaanse ekonomie;
- VSA samelewing in die 1920's;
- Wall Street ineenstorting van 1929: redes vir en ekonomiese en maatskaplike impak;
- verkiesing van Roosevelt: aanbieding van die Nuwe Bedeling;
- analise van die Nuwe Bedeling: wetgewing en programme vir verligting, herstel en hervorming;
- weerstand teen die Nuwe Bedeling: analise van die kritiek;
- assessering van die Nuwe Bedeling: tot watter mate het dit die VSA se kapitalisme versterk of verswak;
- uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die ekonomiese herstel van die VSA;
- impak van en reaksies op die krisis van kapitalisme in die VSA en ander dele van die wêreld, soos Duitsland en Japan; en
- slot: die sikliese aard van kapitalisme.

**FASE: GRAAD10-12**

**KWARTAAL 2: GRAAD 11**

**Onderwerp 3: Idees van Ras in die laat 19de en 20'ste eeu**

***Wat was die gevolge toe pseudo-wetenskaplike idees oor Ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing in die 19de en 20'ste eeu geword het?***

**Agtergrond en fokus**

Hierdie onderwerp: teorieë oor ras en rasverbetering wat wyd versprei het in die 19de eeu, hoe hierdie idees ontwikkel het en hoe verskillende lande dit toegepas het. Die onwetenskaplike basisse waarop hierdie teorieë berus het, is gediskrediteer deur moderne genetiese navorsing: daar is geen rasverskille tussen mense nie. Die teorieë was 'n sosiale samevoeging. Die gevaar van hierdie teorieë, wanneer dit deel begin vorm het van wat aanvaar is as algemene kennis, of aanvaarde kennis, moet uitgelig word: vooroordeel, stereotipering, verlies aan waardigheid, dehumanisering van mense en misbruik van mense om kolonialisme, diskriminasie en massamoord op die basis van ras in baie dele van die wêreld te regverdig.

Die idee van ras is op verskillende maniere toegepas, soos die twee gevallestudies illustreer. Ons oorweeg of Australië eugenetiese beleide teenoor inheemse Australiërs toegepas het. Eugenetiek fokus op 'teel die beste met die beste'. In Australië was daar 'n beleid van assimilasie van 'teel swartheid uit'. Sulke kinders is as 'basterkinders' beskryf. In Duitsland, aan die ander kant, was raswette en eugenetiese beleide daarop gemik om 'n Duitse suiwer meesterras te skep. Dit het kwessies soos hoe 'nasie' gedefinieer word, opgehaal. Wie behoort tot 'n nasie en wie word uitgesluit? Waarom word sommige mense uitgesluit?

**Teorie en praktyk**

Die volgende word in die afdeling ingesluit:

- idees oor die hierargieë van ras in die 19de eeu;
- verduideliking van eugenetiek: positiewe (gesinsbeplanning) en negatiewe (selektiewe voortplanting);
- moderne begrip van ras: menslike genoomprojek; en
- praktyke van ras en eugenetiek in die VSA, Australië, Namibië en Suid-Afrika (breë oorsig).

**Gevallestudie: Australië en die inheemse Australiërs**

Die volgende word ingesluit in hierdie afdeling:

- agtergrond: die kolonisasie van Australië;
- rasteorieë in Australië in die vroeë 20'ste eeu: debatte rondom 'rasseselfmoord en rasse-aftakeling';
- blanke immigrasiebeleide en kinders wat vanaf Brittanje na Australië gestuur is na die Tweede Wêreldoorlog; en
- die gesteelde generasie: behandeling van 'gemengde ras'-kinders: Dr. Cecil Cook en A.O. Neville – assimilasieprogramme vir 'teel swartheid uit'.

**Gevallestudie: Nazi-Duitsland en die Massamoord op die Jode ('Holocaust')**

Die volgende word ingesluit in hierdie afdeling:

- Hitler se konsolidasie van mag vanaf 1933 tot 1934;
- Nazi-rasse-ideologie: verkry van koloniale antropoloë in Namibië en eugenetiek in die VSA;
- Die skepping van 'n rasse-staat in Duitsland:
  - definiëring van die Duitse volk in verhouding tot die 'ander'; en
  - toepassing van ras en eugenetiese wette en beleide om die volk te suiwer;
- Groepe wat deur die Nazi's geteiken is:
  - Jode, Roma en Sinti (sigeuners), Duitsers met 'n donker velkleur; en
  - Kommunistse, Sosialiste, Sosiale Demokrate, vakbondleiers, Jehova Getuies en duisende wat beskuldig is van 'asosiale' of kriminele gedrag, sowel as homoseksuele mense.
- Keuses wat mense gemaak het:
  - misdadiger, omstander, teenstander, redder en die skakerings tussen-in – kan 'n misdadiger terselfdertyd ook 'n redder wees; wat maak 'n omstander óf 'n misdadiger óf 'n redder?;
  - reaksies van die vervolgdes: ballingskap, akkommoderend en uitdagend;
  - van vervolging tot massamoord: die Finale Oplossing;
  - die skepping van werk- en uitwissingskampe; en
  - vorme van geregtigheid: Nuremberg Verhore.

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| <u>KWARTAAL 3: GRAAD 11</u><br>**Onderwerp 4: Nasionalisme – Suid-Afrika, die Midde-Ooste en Afrika** |
| ***Wanneer is nasionalisme voordelig en wanneer is dit vernietigend?***<br>**Agtergrond en fokus**<br>Hierdie tema ondersoek die twee gesigte van nasionalisme: die positiewe en negatiewe. Die konsep van nasionalisme moet bestudeer word as ‘n fenomeen wat van vorm verander het tydens die Tweede Wêreldoorlog, maar dit het ‘n lang geskiedenis. Die oorsprong van nasionalisme is in Europa, insluitende die unifikasie van Italië en Duitsland en die rewolusies van 1830 en 1848. In hierdie tema moet die fokus val op waar nasionalisme vandaan kom.<br>Europese ryke het die ontwikkeling van nasionalisme in Afrika aangewakker deur kolonisasie en die vernietiging van identiteite. VIr inheemse volke was nasionalisme ‘n stelsel van selfverdediging, deur gewone onderdrukte mense te verenig.<br>Nasionale opstande in baie streke is deur die Koue Oorlog beïnvloed. Wanneer leerders Arabiese en Joodse nasionalisme in die Midde-Ooste ondersoek, moet hulle gehelp word om ‘n begrip van nasionalisme in hierdie streek uit albei perspektiewe te begryp.<br>**Wat is nasionalisme?**<br>Hierdie afdeling sluit in:<br>• die oorsprong van nasionalisme: ‘n kort oorsig oor die moderne oorsprong van nasionalisme in Europa;<br>• nasionalisme se skakel met die Industriële Rewolusie;<br>• die opkoms van die middelklas, wat geneig was om nasionalistiese bewegings te inisieer;<br>• die teorie van nasionalisme as ‘n voorstel van ‘n gemeenskap.<br>**Gevallestudie: Suid-Afrika**<br>**Groei van Afrika-nasionalisme**<br>• die *African Peoples Organisation* en die vorming van die *South African National Natives Congress* (SANNC, hernoem na ANC in 1924) in 1912, sowel as die oproep om die Afrikavolke van Suid-Afrika te verenig in die lig van die Unie van Suid-Afrika en die Wet op Grondbesit; alliansie van professionle mense en tradisionele leiers, wat namens alle Suid-Afrikaners praat;<br>• invloed van die Tweede Wêreldoorlog – die Atlantiese Handves en AB Xuma se Afrika-eise, sowel as die terugkerende soldate;<br>• verskillende tipes Afrika-nasionalisme – Afrikanisme van die ANC Jeugliga en die PAC skeur en volg die Vryheidshandves, wat die definisie van die ‘nasie’ in die 1950’s en daarna verbreed het, sowel as die rol van ‘nasionale versoening’ en ‘nasiebou’ na Nelson Mandela se vrylating uit die tronk.<br>**Opkoms van Afrikaner-nasionalisme**<br>• die opkoms van Afrikaner-nasionalisme;<br>• die Afrikaanse Taalbeweging, sosiale en kultuurbewegings (FAK, Broederbond en die media), sowel as die programme van regstellende aksie in die 1920’s en 1930’s;<br>• definisie van die *Volk*, sy verhouding met klas-en raskwessies in opvoeding, arbeid en geloof; en;<br>• mag van nasionalisme – na apartheid.<br>**Gevallestudie: die Midde-Ooste**<br>Hierdie afdeling sluit in:<br>• nasionalisme: oorsprong van Arabiese en Joodse nasionalisme;<br>• die Balfour-Verklaring;<br>• oorsprong en vestiging van die staat van Israel na die Tweede Wêreldoorlog en die oorlog van 1948;<br>• verskillende interpretasies van die oorlog: Palestynse en Israeli-perspektiewe op die Oorlog van 1948;<br>• breër Arabiese nasionalisme in die streek: Jordanië, Egipte en Sirië;<br>• die vraag oor Palestina – konflik van nasionalistiese aspirasies tussen Israel en Palestina;<br>• die Arabies-Israeli-konflik – die kwessie van vlugtelinge, militêre besetting van die Wesoewer; reaksies van Israeli’s en Palestyne; *Intifadas (opstand)* en vredesprosesse tussen 1979 en 2000; sowel as die rol van VSA, Palestyne en Israeli-leiers. |

**Gevallestudie: Van 'Goue Kus' tot Ghana**

Hierdie afdeling sluit in:

- vroeë nasionalisme onder die opgevoede elite – 1930's se intellektueles het begin om 'n sosialistiese interpretasie aan hul nasionalistiese aspirasies te gee; daar vind groei in vakbonde vir stedelike werkers plaas;
- weerstandstaktiek – 1937 landwye staking van kakaoboere en boikot van Britse goedere;
- invloed van die Tweede Wêreldoorlog op nasionalisme;
- groei van massabewegings na die Tweede Wêreldoorlog – vakbondbewegings, handelaars en eks-weermaglede; ondersteuning vir opgevoede minderheid;
- Kwame Nkrumah: Pan-Afrikanisme en die invloed van Marcus Garvey, WEB du Bois en George Padmore; Afrika-sosialisme; en
- die *Convention Peoples' Party*; 1957 onafhanklikheid; en Nkrumah word Eerste Minister; en
- Ghana se begin as 'n onafhanklike volk.

**Oorsig: die positiewe en negatiewe kenmerke van nasionalisme**

Hierdie afdeling sluit in:

- debatte oor nasionalisme sowel as kritiek – die rol van nasionalisme tydens die stryd; hoe het nasionalistiese bewegings reageer toe hul aan bewind was; waarom nasionalisme volhard?;
- die positiewe kant van nasionalisme – vereniging van gefragmenteerde, stukkende gemeenskappe deur 'n gevoel van behoort en identiteit;
- per definisie het volke grense; en
- vernietigende kant van nasionalisme: identiteit, uitsluiting, xenofobie, oorlog en etniese reiniging (post-1990 Oos-Europa).

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| **KWARTAAL 4: GRAAD 11**<br>**Onderwerp 5: Apartheid Suid-Afrika 1940's tot 1960's** |

***Hoe uniek was apartheid?***

**Agtergrond en fokus**

Hierdie onderwerp is verbind aan onderwerp 3. Wanneer leerders die vraag oor die uniekheid van apartheid beantwoord, moet hulle ook segregasiebeleide bespreek wat in hierdie gedeelte genoem word. apartheid was egter 'n beleid wat die wit Suid-Afrikaners bevoordeel het ten koste van swart Suid-Afrikaners. Die arbeidsbeweging het op daardie tydstip klas eerder as ras benadruk, maar die Nasionale Party wou dit met alle mag vervang met die term 'ras'. Om apartheid te oorkom, moet daar 'n begrip wees vir die weerstandstrategieë deur Suid-Afrikaners, van verskillende organisasies (bv. Gandhi se beweging, CPSA, die vakbonde van die 1940's en 1950's, die Eenheidsbeweging, straatkomitees en inheemse kultuur van kollektiewe samewerking). Die strategieë sluit in passiewe verset, geen samewerking, verbruikersboikotte, wegbly-aksies, stakings, burgerlike ongehoorsaamheid en die vorming van alliansies. Hierdie strategieë word ook binne die breër wêreldkonteks van weerstand teen ongelykheid en onvoldoende burgerregte waargeneem.

Hierdie deel sluit in:

- Inleiding – die globale uitgerektheid van rassisme en segregasie in die 1920's en 1930's;
- Segregasie na die totstandkoming van die Unie:
  - 1920's en 1930's – hoe het segregasie die grondslag vir apartheid gelê?;
  - segregasiebeleide in die 1930's en 1940's (breë oorsig);
- Nasionale Party oorwinning 1948:
  - wat was apartheid?;
  - hoe het apartheid verskil van segregasie?; en
  - waarom het die Nasionale Party die apartheidsbeleid aanvaar?
- wettiging van apartheid – die skepping van die apartheidstaat, insluitend die wette teen veelrassige vakbonde en die verbanning van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika;
- Om apartheid te bowe te kom – die aard van interne weerstand teen apartheid voor 1960;
- van petisies tot die Program van Aksie – oriëntering vir massamobilisasie; versterking van die ANC deur alliansies te vorm;
- hoe hierdie weerstand deel was van 'n groter globale weerstand teen rassisme, die verkrummeling van menseregte en burgerlike vryhede;
- die reaksie van die apartheidstaat: onderdrukking in die 1950's;
- wat was die impak van die Sharpeville-slagting?;
- gewapende konflik;
- Rivonia Verhoor (1964) en sy gevolge (weerstand word ondergronds gedryf)
- oorsig - 'apartheid' word 'n internasionale woord; plaas Suid-Afrika in 'n breër wêreldkonteks met betrekking tot die uniekheid van apartheid.

## 3.3 Inhoud vir Graad 12

***Wat is die aard van die post -Tweede Wêreldoorlog-wêreld?***

**FASE: GRAAD 10-12**

**<u>KWARTAAL 1: GRAAD 12</u>**

**Onderwerp 1: Die Koue Oorlog**

***Hoe het die tydperk van die Koue Oorlog internasionale verhoudings na die Tweede Wêreldoorlog gevorm?***

**Agtergrond en fokus**

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n stryd tussen twee wêreldmagte. Waarom is dit die 'Koue Oorlog' genoem? Die rede is die bedreiging van nuwe en dodeliker wapens van kerntegnologie wat regstreeks oorlog verhoed het. Die Koue Oorlog is gekenmerk by wyse van konflik deur gevolmagtigde oorloë, die manipulering van meer kwesbare state deur uitgebreide militêre en finansiële hulp, spioenasie, propaganda, wedywering oor tegnologiese, ruimte- en kernwedlope, en sport. Alhoewel daar periodes van hoë spanning in hierdie bipolêre wêreld geheers het, het die Koue Oorlog die nuwe onafhanklike lande in Afrika en die vryheidstryd in Suider-Afrika baie diep geraak vanaf die 1960's tot die 1990's, toe die USSR verbrokkel het.

**Die oorsprong van die Koue Oorlog (oorsig; brongebaseede vrae; breë verhaal)**

Hierdie afdeling sluit in:

- • Einde van die Tweede Wêreldoorlog (inleiding) – waarom het 'n Koue Oorlog ontwikkel?
- • USSR en VSA en die vorming van belangesfere:
  - - die daarstel van Sowjet-goedgesinde regerings in satellietstate;
  - - VSA se beleid van insluiting: Truman Leer en Marshall Plan;
  - - Berlynse Krisis vanf 1940 tot 1961 (breë begrip van die krisis); en
  - - opponerende militêre alliansies: NAVO- en die Warschau-Verdrag (breë trekke).
- • insluiting en waagmanskap (brinkmanship): die Kubaanse Krisis (as voorbeeld van insluiting en waagmanskap); en
- • wie moet die blaam dra vir die Koue Oorlog? (interpretasie, verskillende standpunte)

**Uitbreiding van die Koue Oorlog**

**Gevallestudie: China (word elke jaar geëksamineer as 'n opsie teenoor Viëtnam)**

**Hoe het China verrys tot 'n wêreldmag na 1949?**

Dit sluit in:

- inleiding: vestiging van Kommunistiese China in 1949 en gebeure wat gelei het tot 1949 (nie eksamendoeleindes);
- kulturele rewolusie;
- Chinese verhoudings met die Sowjetunie en die VSA vanaf 1949 tot 1973 (botsende ideologieë eerder as individuele gebeure);
- China se houding verander teenoor buurstate – Tibet, Indië, Viëtnam en Taiwan;
- tot hoe 'n mate was China gevestig as 'n supermoondheid teen die tyd dat Mao gesterf het?;
- verduidelik waarom China sy verhouding met die VSA na 1970 probeer herstel het; en
- slot – impak van China se ekonomiese bevryding in verhoudings met die res van die wêreld sedert Mao se dood tot die hede.

**Gevallestudie: Viëtnam (word elke jaar geëksamineer as 'n opsie teenoor China)**

**Hoe het 'n klein landjie soos Viëtnam dit reggekry om die oorlog teen die VSA te wen? (1954 tot 1975)**

Hierdie afdeling sluit in:

- agtergrond – oorsig van die stryd teen koloniale magte voor die Tweede Wêreldoorlog; en
- die tydperk onmiddellik na die oorlog in Viëtnam.

**Fases in die oorlog:**

- 1957 tot 1965 – Die stryd in Viëtnam tussen die Suid-Viëtnamese weermag en die kommunisties-opgeleide rebelle (ook bekend as die Viëtkong);
- 1965 tot 1969 – 'n Noord-Viëtnam – VSA-stryd (insluitend die aard van die Viëtnamese oorlog teen die VSA);
- die oorlog vanuit 'n Viëtnamese en VSA-perspektief;
- die oorlog as 'n globale kwessie;
- 1969 tot 1975 – die VSA onttrek uit Viëtnam (die impak op VSA-politiek; studentebewegings; verbind aan Onderwerp 3); en
- Slot: Hoe word die oorlog vandag in die VSA en Viëtnam onthou?

**FASE: GRAAD 10-12**

**KWARTAAL 1: GRAAD 12**

**Onderwerp 2: Onafhanklike Afrika**

***Hoe is onafhanklikheid in Afrika bereik in die 1960's tot 1980's?***

**Agtergrond en fokus**

Hierdie onderwerp vergelyk twee state wat uit nasionalistiese bewegings in die 1960's gevorm is. Die Kongo is gebruik as 'n instrument in die Koue Oorlog. Dit het tot 'n erflating gelei wat tot vandag nog voortduur. Tanzanië het as 'n sosialistiese staat ontwikkel, en die idees van Afrika-sosialisme geïmplementeer. Die fokus is op die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele suksesse en uitdagings wat die lande in Afrika na onafhanklikheidswording ervaar het, soos geïllustreer deur die Kongo en Tanzanië.

Die volgende moet in hierdie onderwerp behandel word:

**Wat was die idees wat die onafhanklike state beïnvloed het?**

- Hierdie afdeling sluit verskillende regeringsvorme in (politieke ideologieë en ekonomieë), soos Afrika-sosialisme, kapitalisme, demokrasie en eenpartystate.

**Vergelykende gevallestudies (1960 tot 1980) as voorbeelde om die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele suksesse en uitdagings in onafhanklike Afrika te illustreer (1960 tot 1980). Die gevallestudies is nie bedoel om afsonderlik geëksamineer te word nie.**

- die Kongo (het 'n instrument van die Koue Oorlog geword); en
- Tanzanië (Afrika-sosialisme)

**Die sukses en uitdagings wat onafhanklike Afrika moes trotseer:**

- die tipe state wat gevorm is – hul doelwitte en visies (politieke ideologieë);
- politieke insluiting:
  - tipe leiers: Lumumba, Mobuto Sese Seko, Nyerere (Wat is die eienskappe van 'n goeie leier?);
  - erflatings van kolonialisme;
  - tipe regerings; en
  - politieke stabiliteit en onstabiliteit;
- ekonomiese insluiting:
  - tipe ekonomieë (as derdewêreldlande)
- maatskaplike en kulturele insluiting:
  - voordele van onafhanklikheid;
  - opvoeding; en
  - Afrikanisering.

**Wat was die impak van die interne en eksterne faktore op Afrika gedurende daardie tydstip?**

**Afrika gedurende die Koue Oorlog: USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika**

**Gevallestudie: Angola**

Hierdie gevallestudie sluit in:

- inleiding: hoe Afrika by die Koue Oorlog betrek is (breë trekke);
- kompeterende invloedsfere – handel, konflik en hulp;
- Angola: kolonialisme en onafhanklikheid (breë oorsig);
- uitbreek van burgeroorlog in 1974
  - MPLA en UNITA
- redes vir en aard van betrokkenheid in Angola (USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika);
- impak op die stabiliteit in die streek;
- belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988;
- die veranderende aard van internasionale verhoudings na 1989.

**FASE: GRAAD 10-12**

**KWARTAAL 2: GRAAD 12**

**Onderwerp 3: Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1970's**

***Watter vorme van burgerlike samelewing is tussen die 1950's tot 1970's gevorm?***

**Agtergrond en fokus**

Die Tweede Wêreldoorlog is geveg om demokrasie te verkry, maar dit het nie langdurige vrede of beter samelewings gebring nie. Na die oorlog het vroue in groeiende ekonomieë begin om betaalde werk buite die huis te doen, die jeug was meer krities oor hul ouers se generasie en het toenemend bewus begin raak van onreg, rassisme en menseregteskendings; 'n teenkultuur het begin ontwikkel.

Die gedeelte oor vroue-identiteit in Suid-Afrika word nou verbind met die studie oor apartheid in Graad 11 (Onderwerp 5).

In hierdie gedeelte moet leerders die burgerlike aksie wat gedoen is, analiseer in die konteks van die hoof-idee van

hierdie onderwerp.

Die volgende moet in hierdie onderwerp behandel word:

**Inleiding: oorsig van burgerlike protes**

- • Bevryding van vroue en feministiesebewegings in die 1960's en 1970's: 'n middelklasbeweging in geïndustrialiseerde lande;
- • Vroue-identiteit in Suid-Afrika vanaf die 1950's tot die 1970's – swart vroue het hulself eerstens as swart gesien; wit vroue het hulself eerstens as wit gesien; vakbonde, vrouewerkers, hul ekonomiese rol in die plattelandse areas en in die informele sektor; as politieke anti-pas-vegters, inisiatiewe wat binne die vryheidstryd geneem is, insluitend die middelklas, Black Sash;
- • die vredesbewegings: ontwapening; studente en anti-oorlogbewegings; en
- • Burgerregtebewegings.

**Gevallestudie: die VSA Burgerregtebeweging**

Hierdie afdeling sluit in:

- redes en oorsprong van die Burgerregtebeweging in die VSA (slegs agtergrondinligting)
- die rol, impak en invloed van Martin Luther King Junior; en die invloed van passiewe weerstand (Gandhi) op Martin Luther King;
- vorme van protes deur burgerlike ongehoorsaamheid: Montgomery-busboikot, sitstakings, protesoptogte, insluitend die Lincoln-gedenkteken, Birmingham-veldtog en Selma Montgomery-optogte;
- skooldesegregasie: gevallestudie (Little Rock, Arkansas); en
- korttermyn- en langtermynvoordele.

**Gevallestudie: die Swartmagbeweging**

Hierdie afdeling sluit in:

- redes vir die beweging;
- Black Panther;
- rol van Stokely Carmichael en Malcolm X; en
- Korttermyn- en langtermynvoordele.

**Slot**

Oorsig oor die vordering, indien enige, tot gelykheid en burgerregte wat deur burgerregte- en Swartmagbewegings gemaak is.

**FASE: GRAAD 10-12**

**KWARTAAL 2: GRAAD 12**

**Onderwerp 4: Burgerlike samelewingsprotes in Suid-Afrika 1970's en 1980's**

***Wat was die aard van die burgerlike weerstand na die 1960's?***

**Agtergrond en fokus**

Ons bestudeer steeds die verhaal van weerstand teen apartheid waarmee ons in Graad 11 begin het. Aangesien hierdie tydperk ook in graad 9 behandel is, is die fokus hier op die Swartbewussynsbeweging en die idees van Steve Biko. Die gebeure van 1976 moenie in diepte behandel word nie, maar as deel van die debatte oor die invloed van die Swartbewussynsbeweging op leerders in skole en spesifiek die Soweto-opstand. Die Soweto-opstand word nie hier ten volle bestudeer nie, aangesien dit in graad 9 behandel is.

Die druk op die apartheidsregering van die 1980's verbind die omvattende interne weerstand met die anti-apartheids-bewegings buite Suid-Afrika.

**Inleiding (nie vir eksamendoeleindes)**

- Die aard van die apartheidstaat in die 1970's en 1980's; en
- Weerstand – ondergronds, in tronke en in ballingskap.

**Swartbewussyn daag die apartheidstaat uit**

Hierdie afdeling sluit in:

- die aard en doelwitte van Swartbewussyn;
- die rol van Steve Biko met die klem op sy idees en sy geskrifte (persoonlike komplekse is beperkend; mense bemagtig hulself);
- Swartbewussynsbeweging (SBB);
- Swartbewussyn is aanvanklik deur die regering gesien as in ooreenstemming met die apartheidsteorie van 'eie sake'; die uitdaging van Swartbewussyn se idees wat aan die staat gestel is;
- die 1976-Soweto-opstand (nie die gebeure nie maar die debatte oor of die studente deur die Swartbewussynsdenke beïnvloed is of nie); en
- die erflating van Swartbewussyn op die Suid-Afrikaanse politiek.

**Die krisis van apartheid in die 1980's**

Regeringspogings om apartheid te hervorm:

- Weersprekings van apartheid kom na vore; die passtelsel verbrokkel; arbeidsbewegings word sterker; die ekonomie is afhanklik van swart arbeid;
- Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982 – 'n poging om meer mag aan plaaslike raadslede in die Swartwoongebiede te gee; die driekamerregeringstelsel.

Interne weerstand teen hervormings:

- Opkomende mag van vakbondbewegings sedert 1973 – swart werkers herontdek hul arbeidsmag; snelgroeiende lidmaatskap; politieke alliansie gevorm met gemeenskappe en bevrydingsbewegings; en
- Reaksie op Botha se hervorming – nuwe metodes van mobilisasie; arbeid se 'uitgebreide massa-aksie'; massa burgerlike aksie om die land onregeerbaar te maak (rol van burgerlikes, UDF, Massa Demokratiese Beweging, Konskripsie-veldtog en Black Sash).

Internasionale reaksie:

- Internasionale anti-apartheidsbewegings;
  - Anti-apartheidsbewegings in Brittanje en Ierland;
  - aktiwiteite van die bewegings: sportboikotte; kulturele boikotte; akademiese boikotte; verbruikersboikotte; disinvestering, sanksies; laat Nelson Mandela vry-veldtog; rol van die internasionale vakbonde; en
  - ondersteuning vir die anti-apartheid stryd in Suid-Afrika – frontlinie state (Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe).

Die begin van die einde:

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie in die moeilikheid: Suid-Afrika voel die druk van internasionale sanksies, disinvestering sowel as boikotte wat saamgeval het met interne massaweerstand.

**FASE: GRAAD 10-12**

**KWARTAAL 3: GRAAD 12**

**Onderwerp 5: Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en aanvaarding van die verlede**

***Hoe het Suid-Afrika as 'n demokrasie uit die krisis van die 1990's verrys, en hoe het Suid-Afrikaners vrede met die apartheidsverlede gemaak?***

**Agtergrond en fokus**

Hierdie onderwerp fokus op die debatte rondom die onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering; die dooie punt in die stryd (in die konteks van die einde van die Koue Oorlog); die kompromieë aan beide kante; die behoefte aan versoening; die konteks van geweld wat die onderhandelingsproses bedreig, wat nie die werk van een persoon was nie, maar eerder 'n spanpoging aan beide kante, en die sukses daarvan. Dit sluit af met die keuses van vrede maak met die verlede, en sluit ondersoeke in na:

- waarom Suid-Afrika die WVK-proses verkies het; en
- 'n oorweging van alternatiewe.

Hierdie afdeling sluit in:

**Die onderhandelde ooreenkoms en 'n Regering van Nasionale Eenheid**

- Die begin van die oplossing: geheime onderhandelings met die ANC in ballingskap en onderhandelings met Mandela; 1989 tot 1991: ontbanning van organisasies; vrylating van politieke gevangenes; vrylating van Mandela; debatte oor onderhandelings, insluitend gespreksvoering oor die samesprekings en Chris Hani se teenkanting teen die samesprekings; KODESA 1; die rol van die arbeidsbeweging in onderhandelings; en die ANC wat die gewapende stryd opskort;
- Onderbreking in die onderhandelings: 'Slegs Blankes'-referendum – De Klerk se oplossing; geweld in die 1990's en debatte oor die geweld; KODESA verbrokkel; Memorandum van verstandhouding; Joe Slovo en die Sonsondergang Klousule (sunset clause);
- Veelparty-onderhandelingsproses hervat: formele veelparty-onderhandelings hervat; moord op Chris Hani; invloed op die proses; verkiesingsdatums vasgestel;
- Voortslepende geweld: pogings om onderhandelings te ontspoor vlam op nadat ooreenkomste bereik is; AWB se inval in die Wêreldhandelsentrum; St James-slagting; moorde by die Heidelberg Taverne;
- Finale pad na demokrasie in 1994: weereens geweld; val van Mangope en Gqozo en die Bophuthatswana-skietery; Inkatha Vryheidsparty-optog na Shell House en die Shell Houseslagting; die Grondwet en die Handves van Menseregte; Vryheidsfront en IVP sluit by die verkiesing aan; 27 April-verkiesing en die Regering van Nasionale Eenheid.

**Hoe het Suid-Afrika verkies om die verlede te onthou?**

Hierdie afdeling sluit in:

**Die St Waarheid-en-versoeningskommissie**

- **Redes vir die WVK:**
- Verskeie vorme van geregtigheid: vergeldingsgeregtigheid en die Nuremberg-verhore in na-oorlogse Duitsland; vergeldingsgeregtigheid en die WVK-verhore;
- Die debatte oor die WVK:
  - positiewe aspekte: WVK as 'n instrument van versoening;
  - amnestie-toekenning en probleme met amnestie;
  - fokus op menseregte van 1980's en ignoreer georganiseerde geweld en die menseregte-vergrype van apartheid;
  - vergoeding; en
- reaksies van politieke partye en redes vir die reaksies by die WVK en die finale verslag van die WVK: Nasionale Party, Inkatha Vryheidsparty en African National Congress.

**Onthou die verlede: gedenk dit**

- Hoe word die stryd teen apartheid onthou? (gepaste museum of gedenkteken, voorbeelde sluit in Vryheidspark op nasionale vlak, Thokoza-monument op plaaslike vlak.)

| FASE: GRAAD 10-12 |
|---|
| KWARTAAL 3: GRAAD 12 |
| **Onderwerp 6: Die einde van die Koue Oorlog en ‘n nuwe wêreldorde 1989 tot die hede** |

***Hoe het die wêreld sedert die 1960’s verander?***

**Agtergrond en fokus**

Die eerste afdeling fokus op die mate waartoe Gorbachev se hervorming beskou kan word as die sneller wat die disintegrasie van die USSR aan die gang gesit het, en die belangrikheid om Gorbachev se invloed met gebeure in Oos-Europa van daardie tyd, veral Pole, te balanseer. Waarom kon Pole daarin slaag om betekenisvolle vergunnings van die Sowjetunie te verkry? Hierdie afdeling sluit ook ‘n studie in van die betekenis van die val van die Berlynse Muur, veral die disintegrasie van die Sowjetunie.

Hoe het gebeure in Europa – te same met die druk op die apartheidsregering (in Onderwerp 4) – bygedra tot die val van apartheid?

Daarna ondersoek die onderwerp die nuwe wêreldorde wat ontwikkel het na die val van die Sowjetunie. Hierdie afdeling moet breedweg behandel word eerder as in detail. Leerders moet opkomende ekonomiese tendense verstaan asook die reaksies op kontemporêre gebeure.

**Die einde van die Koue Oorlog: die gebeure van 1989**

Hierdie afdeling sluit in:

- Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie;
- Oos-Europa:
  - gebeure in Pole – betekenis van ‘Solidariteit’;
  - die invloed van gebeure in Pole op die agteruitgang van die Sowjet-invloed in Oos-Europa; en
  - Duitsland: die val van die Berlynse Muur;
- die disintegrasie van die Sowjetunie – tot watter mate was Gorbachev se hervormings daarvoor verantwoordelik?; en
- ‘n keerpunt in Suid-Afrika – die val van die Sowjetunie en die impak daarvan op SA; Cuito Cuanavale en die impak; De Klerk – die ontbanning van organisasies en vrylating van politieke gevangenes in 1989; en Nelson Mandela in 1990.

**‘n Nuwe wêreldorde**

Hierdie afdeling sluit in:

- definisie van globalisasie;
- magsbalans en impak op Afrika: Noord-Suid- en Suid-Suid-betrekkinge;
- dominansie van globale Westerse kapitalisme: VSA; Bretton Woods, IMF en Wêreldbank; Wêreld Handelsorganisasie; IT-rewolusie; burgerlike samelewing se weerstand teen globale kapitalisme;
- opkomende ekonomieë en verskillende vorme van kapitalisme: BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika);
- Suid-Afrika se sukses met die vermyding van openlike burgeroorlog en President Mandela se beleid van versoening wat die wêreld inspireer, maar die proses van bevryding in Suid-Afrika is onvoltooid:
  - uitdagings van armoede en growwe ongelykheid, herstel van vroeëre onregverdigheid, nasiebou en versoekings van ‘n bevrydingsbeweging aan bewind; die ontwikkelingstaat is ‘n manier om hierdie probleme op te los; en
- reaksies op globalisering, die inlui van ‘n era van ekonomiese onsekerheid – nasionalisme, lokalisering (soos die verbrokkeling van die voormalige Joegoe-Slawië); ekstremisme (soos godsdienstige fundamentalisme, insluitend regse Christene en Islamitiese fundamentalisme; 9/11 en die gevolge daarvan; die stryd teen terreur, Irak) sowel as omgewingsgroepe.

**Slot** (nie vir eksamendoeleindes)

Dit sluit ‘n bespreking in oor wat ons uit die geskiedenis geleer het? Hoe het die bestudering van die verlede ons gehelp om lesse vir die hedendaagse samelewing te leer? Tot watter mate kan ons verstaan waarom mense gedoen het wat hulle gedoen het? Het die geskiedenis ons meer oor die ‘menslike toestand’ geleer?

# AFDELING 4

## 4.1 Wat is Assessering?

Assessering is ‘n deurlopende, beplande proses van identifisering, versameling en interpretasie van inligting om leerders se prestasie te peil, en dit kan verskeie vorms aanneem. Dit behels vier stappe: genereer en versamel bewyse van prestasie; evalueer hierdie bewyse; teken die bevindings op; en gebruik hierdie inligting. Prestasie-inligting help onderwysers en ander partye betrokke om die leerder se ontwikkeling te verstaan en daarmee te help, sodat die proses van onderrig en leer verbeter kan word.

Assessering behoort beide informeel (Assessering vir Leer) en formeel te wees (Assessering van Leer). In beide gevalle moet gereelde terugvoer aan leerders gegee word om die leerervaring te verbeter.

### 4.1.1 Assessering in Geskiedenis

In Geskiedenis word assessering altyd op inhoudskennis en vaardighede gebaseer (gebaseer op die Spesifieke Doelwitte). Take, projekte, toetse of eksamens moet altyd beide aspekte assesseer.

Assessering in Geskiedenis behels gewoonlik skriftelike werk. Dit beteken dat leerders skryfvaardighede geleer moet word en gehelp word om die vaardighede in te oefen. Mondelinge werk, praat, debat en drama kan ook geassesseer word, en soms is dit baie waardevol vir hersiening of voorbereiding van skriftelike werk.

Leerders ondervind soms probleme om langer stukke te skryf, soos opstelle. Hulle moet geleer word om die inligting wat hulle soek, te *selekteer* (slegs dit wat relevant is), om die inligting te *organiseer* (om dit in logiese volgorde te plaas saam met ander inligting) en om inligting te *konnekteer* (bied ‘n redelike orde van feite aan, of ‘n effektiewe argument).

Die kwaliteit van die leerders se werk in geskiedenis hang grootliks van die omsigtigheid af waarmee die take en vrae opgestel word. Leerders moet presiese en gedetailleerde instruksies ontvang oor wat hulle moet doen en waar hulle die inligting kan kry wat hulle benodig. Dit is dikwels ‘n goeie idee om groter vrae in ‘n aantal kleiner vrae of stappe op te breek.

Plagiaat (om iemand anders se werk te gebruik en voor te gee dat dit jou eie werk is) is ‘n groot probleem in die bestudering van geskiedenis, of dit iemand anders is wat die leerder se werk doen, of ‘n leerder wat ‘n ander se werk afskryf, of kopieër en plak (‘copy and paste’) van inligting wat op die internet verkry is. Dit is noodsaaklik dat leerders geleer word om aan te dui wanneer hulle iemand aanhaal en hoe om verwysings te gebruik. Onderwysers moet die voorbeeld stel deur altyd verwysings te verskaf vir inligting en bronne wat hulle gebruik.

## 4.2 Informele of Daaglikse Assessering

Assessering vir leer word gedoen deur deurlopend inligting oor ‘n leerder se prestasie te versamel. Hierdie inligting word gebruik om sy of haar leerervaring te verbeter.

Informele assessering berus op ‘n daaglikse monitering van ‘n leerder se vordering. Dit word gedoen deur waarneming, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser-gesprekke, informele klasinteraksies, ensovoorts. Informele assessering kan ook die vorm aanneem van om te stop tydens lesaanbieding om die leerders waar te neem of hul vordering met hulle te bespreek.

Informele assessering verskaf terugvoering aan die leerders en rig beplanning vir onderrig. Dit hoef nie aangeteken te word nie en kan deur onderwysers of leerders nagesien word. Die resultate van daaglikse assesseringstake word nie in ag geneem vir promosie- en bevorderingsdoeleindes nie. Informele assessering moet nie as aparte leeraktiwiteite beskou word wat in die klaskamer plaasvind nie.

Self-assessering en groepsassessering betrek die leerders aktief by assessering. Dit is belangrik, aangesien dit leerders die geleentheid bied om oor hul eie prestasies te leer en te reflekteer.

## 4.3 Formele Assessering

Alle assesseringstake wat deel van die formele assesseringsprogram vir die jaar vorm, word as formele assessering beskou. Formele assesseringstake word nagesien en formeel deur die onderwyser vir progressie- en sertifiseringsdoeleindes opgeteken. Alle formele assesseringstake is onderworpe aan moderering vir die doeleindes van gehalteversekering en om te verseker dat aanvaarde standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering voorsien aan onderwysers 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en in 'n spesifieke vak vorder. Voorbeelde van formele assesserings sluit toetse, eksamens, praktiese take, projekte, mondelinge voorleggings, demonstrasies en optredes in. Formele assesseringstake vorm deel van 'n jaarlikse formele program van assessering in elke graad en vak.

Die vorme van formele assessering moet ouderdom- en ontwikkelingsvlak-toepaslik wees. Die ontwerp van hierdie take moet oor die inhoud van die vak handel en 'n verskeidenheid take insluit wat ontwerp is om die doelwitte van die vak te behaal.

### 4.3.1 Kognitiewe vlakke en vermoëns wat geassesseer word tydens formele assessering

Formele assessering moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders, soos hieronder aangetoon:

| Kognitiewe vlakke | Brongebaseerde assesseringsvrae en take |
|---|---|
| **Vlak 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit bronne |
| **Vlak 2 (V2)** | • Verduidelik historiese begrippe<br>• Eenvoudige interpretasie van die bronne<br>• Wat word deur die skrywer of skepper van die bron gesê? Wat is die menings of opinies oor 'n kwessie wat in die bron uitgedruk word?<br>• Vergelyk inligting in die bronne |
| **Vlak 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit bronne<br>• Vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid en bruikbaarheid van bronne<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en deur die skrywers van bronne |

### 4.3.2 Die gewigstoekenning van die kognitiewe vlakke oor die verskillende grade

| Graad | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| Graad 10 | 40% | 40% | 20% |
| Graad 11 | 30% | 50% | 20% |
| Graad 12 | 30% | 40% | 30% |

## 4.4 Program van Assessering

Die assesseringsprogram is ontwerp om formele assesseringstake in alle vakke in 'n skool in die kwartaal te versprei.

### 4.4.1. Program van Assessering en gewigte van take

*Graad 10: Gewigstoekenning*

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| 2 take | 2 take | 2 take | 1 taak |
| • Brongebaseerde en/of opsteltaak (10%)<br>• Gestandaardiseerde toets, wat 'n brongebaseerde vraag en 'n opstel insluit (20%) | • Erfenisondersoek (mondelinge geskiedenis word ook as erfenis gesien) met 'n navorsingskomponent om navorsingsvaardighede te leer (20%)<br>• Halfjaarlikse eksamen (20%) | • Brongebaseerde en/of opsteltaak (10%)<br>• Gestandaardiseerde toets (20%) | • Jaareindeksamen (150 punte) |
| **25% van totale jaarpunt = 100 punte** | | | **75% van totale jaarpunt = 300 punte** |

*Graad 10: puntetoekenning*

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| 2 take | 2 take | 2 take | 1 taak |
| • Brongebaseerde en/of opsteltaak<br>50 punte (verwerk na 10)<br>• • Gestandaardiseerde toets, wat 'n brongebaseerde vraag en 'n opstel insluit.<br>50 (opstel) + 25 (brongebaseerd) = 75 (verwerk na 20) | • Erfenisondersoek (mondelinge geskiedenis word ook as erfenis gesien) met 'n navorsingskomponent om navorsingsvaardighede te leer. Minstens 50 punte (verwerk na 20)<br>• Halfjaarlikse eksamen 100 punte (verwerk na 20) | • Brongebaseerde en/of opsteltaak<br>50 punte (verwerk na 10)<br>• Gestandaardiseerde toets<br>50 + 50 = 100 (verwerk na 20) | • Jaareindeksamen<br>(150 punte) |

*Opstel van ‘n erfenistaak*

Volg hierdie stappe:

1. Klas- en individuele besprekings oor gepaste monument, museum, tradisie, gemeenskap of gekose erfenisvoorbeeld of mondelinge geskiedenis as erfenis.

2. Formuleer ‘n sleutelvraag.

3. Doen navorsing in die skoolbiblioteek, plaaslike biblioteek of op die internet, indien beskikbaar, oor die spesifieke gekose onderwerp vir erfenis, of voorsien leerders van die bronne. Leerders moet ‘n keuse maak uit die bronne wat geskik is vir hul tema.

4. Leerders moet notas tydens hul navorsing maak, en hulle moet die inligting in hul eie woorde aanteken. Onderwysers moet uiters waaksaam wees dat leerders nie net inligting vanaf die internet aflaai en gebruik sonder om dit te verwerk nie. Hul take moet ‘n lys van verwysings wat geraadpleeg is, bevat.

5. Onderwysers moet ‘n duidelik bewoorde taak aan die leerders voorsien. Die taak moet tydskedules vir elke fase insluit, sowel as die assesseringskriteria wat vir assessering gebruik sal word. Die datums binne die tydskedules sal ‘n datum vir voltooiing van die beplanning insluit; ‘n datum vir voorwerk om klaar te wees; en ‘n datum vir die finale produk. Onderwysers moet die vordering op elke stadium kontroleer.

6. Die taak moet die ideologieë en debatte oor erfenis insluit wat met die spesifieke monument of tema verband hou. Die gekose tema of voorbeeld moet gebruik word om hierdie debatte te illustreer.

| **FASE: VOO GRAAD 10** |
|---|
| **Erfenistaak (verpligtend)** |
| Die fokus en bronne vir die taak is erfenisgebiede, museums, monumente, mondelinge geskiedenis, herdenkingsgebeure, familie- en gemeenskapstradisies en –rituele, plaaslike geskiedenis, skoolgeskiedenis en familiegeskiedenis. Die inhoudsdetail is nie gespesifiseer sodat ‘n keuse uitoefen kan word om plaaslike, streeks- of nasionale voorbeelde van erfenis te bestudeer. |
| **Wat is erfenis?**<br>Die woord ‘erfenis’ kan op verskillende maniere gebruik word. Een gebruik van die woord benadruk ons erfenis as menslike wesens en verwys na menslike oorsprong in Afrika. ‘n Ander gebruik van die woord verwys na maniere waarop mense die verlede onthou, deur erfenisgebiede, museums, deur die oprig van monumente en gedenktekens en in families en gemeenskappe (mondelinge geskiedenis). Sommiges suggereer dat erfenis alles is wat aan ons uit die verlede oorgedra is.<br>Die inhoudsdetail is nie gespesifiseer nie om ‘n keuse te maak om plaaslike, streeks- of nasionale voorbeelde van erfenis te bestudeer.<br>Moontlike temas vir take, wat leerders behoort te oorweeg, sluit in:<br>• wat word bedoel met erfenis en openbare voorleggings;<br>• geheue en mondelinge geskiedenis as erfenis;<br>• die belangrikheid van die bewaring van erfenisgebiede, monumente en gedenktekens;<br>• debatte oor erfeniskwessies en maniere waarop die verlede voorgestel word, byvoorbeeld erfenisgebiede, in museums, by monumente en gedenktekens, en in families en gemeenskappe;<br>• die maniere waarop gedenktekens in verskillende kennisstelsels gebou is, byvoorbeeld monumente, ritueelgebiede en begraafplase; en<br>• Afrika-oorsprong van mense as wêreld-erfenis.<br>Die taak behoort ‘n navorsingskomponent in te sluit ten einde navorsingsvaardighede in graad 10 aan te leer. |

*Graad 11-gewigstoekenning*

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| 2 take | 2 take | 2 take | 1 taak |
| • Brongebaseerde en/of opsteltaak (10%)<br>• Gestandaardiseerde toets 1, wat 'n brongebaseerde afdeling en 'n opstel insluit. (20%) | • Navorsing of mondelinge geskiedenistaak (20%)<br>• Halfjaarlikse eksamen (20%) | • Brongebaseerde of opsteltaak (10%)<br>• Gestandaardiseerde toets 2 (20%) | • Jaareindeksamen |
| **25% van totale jaarpunt = 100 punte** | | | **75% van totale jaarpunt = 300 punte** |

*Graad 11-puntetoekenning*

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| 2 take | 2 take | 2 take | 1 taak |
| • Brongebaseerde en/of opsteltaak<br>50 punte (verwerk na 10)<br>• Gestandaardiseerde toets 1, wat 'n bron- gebaseerde afdeling en 'n opstel insluit.<br>100 punte (verwerk na 20) | • Navorsing of mondelinge geskiedenistaak<br>Minstens 50 punte (verwerk na 20)<br>• Halfjaarlikse eksamen 150 (verwerk na 20) | • Brongebaseerde en/of opsteltaak<br>50 punte (verwerk na 10)<br>• Gestandaardiseerde toets 2 100 punte (verwerk na 20) | • Jaareindeksamen<br>300 punte |

*Graad 12*

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| 3 take | 2 take | 2 take | |
| • Brongebaseerde taak (of opstel; leerders moet een van elk doen)<br>• Navorsingstaak (kan ook in die tweede kwartaal gedoen word)<br>• Gestandaardiseerde toets, wat 'n brongebaseerde afdeling en 'n opstel insluit. (ideaal om beide afdelings tegelyk te toets) | • • Opsteltaak (of brongebaseerde taak: leerders moet een van elk doen)<br>• • Halfjaarlikse eksamen (2 vraestelle van 2½ uur) (2 onderwerpe van elke vraestel moet in Junie geëksamineer word; vier vrae in elke vraestel: 2 opstelle en 2 brongebaseerde vrae; leerders beantwoord 2 vrae, 1 opstel en 1 brongebaseerde vraag in elke vraestel.) | • Gestandaardiseerde toets wat 'n brongebaseerde afdeling en 'n opstel insluit. (ideaal om beide afdelings tegelyk te toets.)<br>• September-eksamen (2 vraestelle) | • Finale eksterne eksamen |
| **25% van totale jaarpunt = 100 punte** | | | **75% van totale jaarpunt = 300 punte** |

*Gewigstoekenning van die assesseringstake vir Graad 12*

| ASSESSERINGSAKTIWITEIT | Gewigs-toekenning | Roupunte | Verwerkte punte |
|---|---|---|---|
| Halfjaarlikse eksamen | 20% | 2 vraestelle: 100 punte = 200 punte | 20 |
| September-eksamen | 30% | 2 vraestelle: 150 punte = 300 punte | 30 |
| Twee gestandaardiseerde toetse | 2 x 10 % | 50 punte elk = 100 punte | 20 |
| Navorsingstaak | 20% | 100 punte | 20 |
| Brongebaseerde en opstelskryftake | (2 x 5%) 10% | 50 punte elk = 100 punte | 10 |
| Finale Eksamen-punt<br>Totale punt | | Totale DASS-punt | 100 |
| | | 300 | |
| | | 400 | |

### 4.4.2 Eksamens

*Graad 10*

Die voorgestelde formaat vir Graad 10-eksamens is soos volg: .

| HALFJAARLIKSE EN JAAREINDEKSAMENS | |
|---|---|
| **Eksamen** | **Punte** |
| **Graad 10:**<br>**Een twee- en-'n-halfuur (2½)-vraestel halfjaarliks:**<br>Twee vrae moet beantwoord word. Elke vraag tel 50 punte. Leerders moet een opstel en een brongebaseerde vraag beantwoord. | 100 |
| **Een drieuur-vraestel aan die einde van die jaar:**<br>Van leerders word verwag om drie uit vier vrae te beantwoord. Elke vraag tel 50 punte. Leerders moet een brongebaseerde vraag, een opstel en een ander vraag (opstel of brongebaseerd) beantwoord.<br>Onderwerpe vir die vraestelle sal deur die onderwysers gekies word.<br>Onderwerpe wat in Junie geëksamineer word, hoef nie aan die einde van die jaar herhaal te word nie. | 150 |

*Graad 11*

Die voorgestelde formaat vir graad 11-eksamens is soos volg:

| HALFJAARLIKSE EN JAAREINDEKSAMENS | |
|---|---|
| **Eksamen** | **Punte** |
| **Graad 11:**<br>**Een vraestel halfjaarliks:**<br>Een drieuur-vraestel wat bestaan uit minstens drie vrae. Elke vraag tel 50 punte.<br>Leerders moet drie vrae beantwoord. | 150 |
| **Twee vraestelle aan die einde van die jaar:**<br>Die graad 11-vraestel sal bestaan uit twee vraestelle van drie uur elk. Die puntetoekenning is 150 vir elke vraestel.<br>Vrae word oor alle afdelings opgestel. Drie vrae moet in elke vraestel beantwoord word.<br>**Vraestel 1:** 150 punte. Elke vraag tel 50 punte.<br>**Vraestel 2:** 150 punte. Elke vraag tel 50 punte.<br>In elke vraestel moet die leerders een brongebaseerde vraag, een opstelvraag en een ander vraag beantwoord. | 300 |

*Graad 12*

**Formaat van graad 12-eksamens**

Hierdie eksamen sluit twee vraestelle in; elke vraestel het ses vrae: drie brongebaseerde vrae (een oor elke onderwerp) en drie opstelvrae (een oor elke onderwerp). Kandidate moet drie vrae beantwoord: een brongebaseerde vraag, een opstelvraag en nog een vraag in elke vraestel. Kandidate mag ‘n opstel en ‘n brongebaseerde vraag oor dieselfde tema beantwoord.

**Toekenning van inhoud per vraestel**

Die puntetoekenning is 50 punte per vraag, met ‘n totaal van 150 punte per vraestel.

**Vraestel 1**

| **Brongebaseerde vrae** | |
|---|---|
| **Vraag 1** | **Die Koue Oorlog:** Hoe het die Koue Oorlog-tydperk internasionale verhoudings na die Tweede Wêreldoorlog gevorm?<br>Vraagfokus: Oorsprong, Koue Oorlog in Europa en die Kubaanse Krisis |
| **Vraag 2** | **Onafhanklike Afrika:** Hoe het onafhanklikheid in Afrika in die 1960’s tot 1980’s gerealiseer?<br>Vraagfokus: Afrika in die Koue Oorlog-tydperk |
| **Vraag 3** | **Burgerlike samelewingprotes, 1950’s tot 1970’s:** Watter vorme van burgerlike protes het vanaf die 1950’s tot 1970’s voorgekom?<br>Vraagfokus: Burgerregte en Swartmagbewegings |

| **Opstelle** | |
|---|---|
| **Vraag 4** | **Die Koue Oorlog:** Hoe het die Koue Oorlog-tydperk internasionale verhoudings na die Tweede Wêreldoorlog gevorm?<br>Vraagfokus: China en Viëtnam (kandidate moet een kies)<br>Vraagfokus: China en Viëtnam (kandidate moet een kies) |
| **Vraag 5** | **Onafhanklike Afrika:** Hoe is onafhanklikheid in Afrika in die 1960’s tot 1980’s verkry?<br>Vraagfokus: Suksesse en uitdagings wat die Kongo en Tanzanië in die gesig staar |
| **Vraag 6** | **Burgerlike samelewingprotes 1950’s tot 1970’s:** Watter vorme van burgerlike protes het vanaf die 1950’s tot 1970’s voorgekom?<br>Vraagfokus: Burgerregte en Swartmagbewegings |

**Vraestel 2**

| Brongebaseerde vrae | |
|---|---|
| **Vraag 1** | **Burgerlike samelewingsprotes, 1970's tot 1980's:** Watter vorme van burgerlike samelewingsprotes het van die 1960's tot 1990 voorgekom?<br>Vraagfokus: Die uitdaging van Swartbewussyn in die 1970's. |
| **Vraag 2** | **Die koms van demokrasie in Suid-Afrika en Suid-Afrikaners wat vrede met die verlede maak:** Hoe het Suid-Afrika as 'n demokrasie uit die krisis van die 1990's verrys en vrede met die apartheidsverlede gemaak?<br>Vraagfokus: Onderhandelde ooreenkoms en die WVK. |
| **Vraag 3** | **Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde:** Hoe het die wêreld verander sedert die 1960's?<br>Vraagfokus: 'n Nuwe globale wêreldorde. |

| Opstelle | |
|---|---|
| **Vraag 4** | **Burgerlike samelewingsprotes, 1970's tot 1980's:** Watter vorme van burgerlike samelewingsprotes het van die 1960's tot 1990 voorgekom?<br>Vraagfokus: Die krisis van apartheid in die 1980's en die aard van die verset. |
| **Vraag 5** | **Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en Suid-Afrikaners wat vrede met die verlede maak:** Hoe het Suid-Afrika as 'n demokrasie uit die krisis van die 1990's verrys en vrede met die apartheidsverlede gemaak?<br>Vraagfokus: 'n Onderhandelde skikking en regering van nasionale eenheid. |
| **Vraag 6** | **Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde:** Hoe het die wêreld sedert die 1960's verander?<br>Vraagfokus: Die einde van die Koue Oorlog en die gebeure van 1989. |

**Assessering van opstelvrae**

Opstelle moet 'n formele struktuur hê wat 'n inleiding insluit, wat die siening of verduideliking bekend stel; 'n liggaam, wat die argument ontwikkel, en 'n gevolgtrekking. Krediet sal vir so 'n struktuur gegee word. Kandidate sal gevra word om die akkuraatheid van 'n stelling te bespreek, verduidelik of beoordeel, of om 'n opinie te lug.

Kandidate sal geassesseer word op hul vermoë om:

- deeglike kennis en begrip van die tema te demonstreer; relevante inligting te gebruik om die vraag te beantwoord;
- 'n opstel te beplan en te struktureer;
- bewyse te gebruik om 'n argument te staaf;
- 'n onafhanklike en goedgebalanseerde argument te ontwikkel en vol te hou; en
- logies, samehangend en chronologies te skryf.

### 4.4.3 Globale assessering van opstelle

| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | VLAK 7<br><br>Baie goed beplan en gestruktureerd.<br><br>Goeie sintese van inligting.<br><br>'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse.<br><br>Argument deurgaans volgehou en verdedig. | VLAK 6<br><br>Goed beplan en gestruktureerde opstel.<br><br>'n Relevante argumentslyn gevolg.<br><br>Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | VLAK 5<br><br>Goed beplan en gestrutureerde opstel.<br><br>'n Duidelike argumentslyn Ontwikkel.<br><br>Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry.<br><br>Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | VLAK 4<br><br>Argument beplan en gestruktureer.<br><br>Getuienis gebruik om argument te ondersteun.<br><br>Slotsom op grond van getuienis. | VLAK 3<br><br>Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument.<br><br>Poog om 'n argumentslyn vol te hou.<br><br>Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | VLAK 2<br><br>Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer.<br><br>Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. | VLAK 1<br><br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br><br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument wat gevolg is. | 47 - 50 | 43 - 46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br><br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argument wat gevolg is | 43 - 46 | 40 - 42 | 38 - 39 | | | | |
| **VLAK 5**<br><br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | 38 - 39 | 36 - 37 | 34 - 35 | 30 - 33 | | | |
| **VLAK 4**<br><br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30 - 33 | 28 - 29 | 26 - 27 | | |
| **VLAK 3**<br><br>Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26 - 27 | 24 - 25 | 20 - 23 | |
| **VLAK 2**<br><br>Vraag ontoereikend beantwoord.<br><br>Inhoud skraal | | | | | 20 - 23 | 18 - 19 | 15 - 17 |
| **VLAK 1**<br><br>Vraag ontoereikend beantwoord. Ontoereikend of irrelevante inhoud | | | | | | 15 - 17 | 0 - 13 |

### 4.4.4 Assessering van brongebaseerde vrae

Bronne sal gegroepeer word rondom ‘n sleutelvraag. Die konteks van die bronne sal verskaf word, sodat die leerders die bronne kan gebruik om die vrae te beantwoord. Kontekstualisering sluit die skrywer of skepper van die bron in, die titel van die publikasie waarin die bron verskyn het, en die datum en plek van publikasie. Leerders sal dus die inligting hê wat hulle in staat stel om die betroubaarheid of bruikbaarheid van elke bron te bespreek. Alle persone in spotprente of foto’s sal geïdentifiseer word. Elke bron sal ‘n enkel bron wees; geen bronne mag tot ‘n saamgestelde bron gekombineer word nie.

Kandidate sal geassesseer word op hul vermoë om:

- deeglike kennis en begrip van die tema te demonstreer;
- inligting uit die bronne te onttrek;
- inligting uit die bronne te interpreteer;
- verskillende perspektiewe binne die bron en tussen bronne te identifiseer en te vergelyk;
- die verskillende perspektiewe binne die bronne in die konteks van die periode wat bestudeer word, te verduidelik;
- gevolgtrekkings te maak oor die betroubaarheid en bruikbaarheid van bronne; en
- inligting uit ‘n verskeidenheid van bronne te sintetiseer.

### 4.4.5 Riglyne vir graad 12-eksamenvraestelle

**Formaat van die vraestel: voorbeeld**

Daar is twee vraestelle. Elke vraestel bestaan uit die vraestel en ‘n addendum wat die bronne bevat. Elke vraestel het ses vrae: drie brongebaseerde vrae en drie opstelvrae. Leerders moet drie vrae beantwoord: een brongebaseerd, een opstel en ‘n ander vraag. Leerders mag twee vrae oor dieselfde onderwerp beantwoord.

**GESKIEDENIS Vraestel 1** **PUNTE: 150** **TYD: 3 UUR**

**Instruksies en inligting**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **SES (6)** vrae.

**VRAE 1 EN 4**

**Die Koue Oorlog:** Hoe het die Koue Oorlog-tydperk internasionale verhoudings na die Tweede Wêreldoorlog gevorm?

**VRAE 2 EN 5**

**Onafhanklike Afrika:** Hoe is onafhanklikheid in Afrika gedurende die 1960's tot 1980's verkry?

**VRAE 3 EN 6**

**Burgerlike samelewingsprotes, 1950's tot 1970's**: Watter vorme van burgerlike samelewingsprotes het vanaf die 1950's tot 1970's voorgekom?

2. Elke vraag tel 50 punte.
3. Kandidate moet DRIE vrae beantwoord, EEN (1) brongebaseerde vraag, EEN (1) opstelvraag en EEN (1) ander vraag, óf 'n opstel óf 'n brongebaseerde vraag.
4. Leerders mag twee vrae oor dieselfde tema beantwoord.
5. Wanneer kandidate vrae beantwoord, word daar van hulle verwag om toepassing van kennis, vaardighede en insig te demonstreer.
6. Oorskryf van die bronne as antwoorde sal tot die kandidaat se nadeel strek.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

**VRAAG 1:** Die Koue Oorlog – oorsprong, die Koue Oorlog in Europa en die Kubaanse Krisis

**VRAAG 2:** Die opkoms van demokrasie in Suid-Afrika, en die aanvaarding van die verlede – die onderhandelde skikking en die WVK

**VRAAG 3:** Burgerlike samelewingsprotes, 1950's tot 1970's – burgerregte en Swartmagbewegings

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

**VRAAG 4:** Koue Oorlog – China of Viëtnam

**VRAAG 5:** Onafhanklike Afrika – suksesse en uitdagings

**VRAAG 6:** Burgerlike samelewingsprotes – VSA-burgerregte en Swartmagbewegings

**‘n Voorbeeld van moontlike brongebaseerde vrae**

In hierdie afdeling voorsien ons ‘n voorbeeld van ‘n brongebaseerde vraag.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE – 50 PUNTE**

**VRAAG 1**

1.1 Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C en beantwoord die volgende vrae:

1.1.1 Verwys na Bron 1A. Wat was …? (3)

1.1.2 Lees deur Bron 1B. Waarom …? (4)

1.1.3 Verwys na Bronne 1A en 1B. Hoe verskil hierdie bronne ....? (4)

1.1.4 Kyk deeglik na Bron 1C. Watter boodskap probeer die spotprenttekenaar …? (4)

1.1.5 Tot watter mate reflekteer die sportprenttekenaar …? Verduidelik jou antwoord. (6)

1.1.6 Hoe word die kunstenaar se opinie (Bron 1C) ondersteun deur die ander 2 bronne? (6)

1.1.7 Daar word geredeneer dat ... Lewer krities kommentaar op hierdie argument deur na Bron 1C, sowel as jou eie begrip van die tydperk, te verwys. (8)

(1.1.5, 1.1.6 en 1.1.7 is voorbeelde van ‘n paragraafvraag.)

1.2 Bestudeer Bronne 1D en 1E.

1.3 Bestudeer Bronne 1F en 1G.

**Toekenning van inhoud aan opstelle en brongebaseerde vrae:**

<table>
<tr><th>Tema</th><th>Inhoud</th><th>Vraagnommer en tipe vraag</th></tr>
<tr><td rowspan="3">Die Koue Oorlog</td><td>Hoe het die Koue Oorlog-tydperk verhoudinge na die Tweede Wêreldoorlog (TWO) gevorm?<br>Die oorsprong van die Koue Oorlog (oorsig – ‘n breë verhaal)<br>• Einde van TWO (inleiding) – waarom het ‘n Koue Oorlog ontwikkel?<br>• USSR en VSA en die skep van belangesfere:<br>- Instel van Sowjet-gesinde regerings in satellietstate<br>- VSA se beleid van insluiting: Trumanleer; Marshallplan<br>- Berlynse Krisis 1949 – 1961 (breë begrip van die krisis – oorsig)<br>- Opponerende militêre alliansies: NAVO & Warschau Pakt (in breë trekke)<br>• Insluiting en waagmanskap: die Kubaanse Krisis (as voorbeeld van insluiting en waagmanskap)<br>• Wie was te blameer vir die Koue Oorlog? (Interpretasie – verskillende opinies – moet uitgelig word in die inleidende oorsig vir graad 10-12)</td><td>VRAESTEL 1<br>VRAE 1 en 4<br><br>Brongebaseerde vrae</td></tr>
<tr><td>Uitbreiding van die Koue Oorlog: Gevallestudies<br>(óf China óf Viëtnam)<br>CHINA (word elke jaar geëksamineer as alternatief vir Viëtnam)<br>Hoe het China na 1949 tot ‘n wêreldmag ontwikkel?<br>Hierdie afdeling sluit die volgende in:<br>• Inleiding: Vestiging van Kommunistiese China in 1949: gebeure tot 1949 (nie vir eksamendoeleindes)<br>• Kulturele Rewolusie<br>• Chinese verhouding met die Sowjetunie en die VSA sedert 1949 tot 1973 (botsende ideologieë eerder as individuele gebeure)<br>• China se veranderende verhoudings met buurstate: Tibet, Indië, Viëtnam, Taiwan<br>• Tot watter mate was China reeds gevestig as ‘n wêreldmag teen die tyd van Mao se sterfte?<br>• Verduidelik waarom China verhoudings met VSA wou verbeter na 1970<br>• Slot: impak van China se ekonomiese bevryding op verhoudings met die res van die wêreld sedert Mao se sterfte tot die hede.</td><td>Opstelvraag</td></tr>
<tr><td>VIËTNAM (word elke jaar geëksamineer as alternatief vir China)<br>Hoe het ‘n klein landjie soos Viëtnam dit reggekry om die oorlog teen die VSA te wen? (1954–1975)<br>Hierdie afdeling sluit die volgende in:<br>• Agtergrond: oorsig van die stryd teen koloniale magte voor TWO<br>• Onmiddellike na-oorlogse tydperk in Viëtnam<br>Fases in die oorlog:<br>• 1957–1965 Stryd in Viëtnam tussen die Suid-Viëtnamese weermag en die kommunisties-opgeleide rebelle (ook bekend as Viëtkong)<br>• 1965–1969 Noord-Viëtnam-VSA stryd (insluitend die aard van die Viëtnamese oorlog teen die VSA)<br>• Die oorlog vanuit ‘n Viëtnamese en VSA perspektief<br>• Die oorlog as ‘n globale kwessie<br>• 1969–1975 VSA onttrek uit Viëtnam (Impak op VSA politiek – studentebewegings – verbind aan Onderwerp 3)<br>• Slot: Hoe word die oorlog vandag in die VSA en Viëtnam onthou?</td><td>Opstelvraag</td></tr>
</table>

| Tema | Inhoud | Vraagnommer en tipe vraag |
|---|---|---|
| **Onafhanklike Afrika** | **Hoe is onafhanklikheid in Afrika in die 1960's tot 1980's bereik?**<br>**Watter idees het die onafhanklike state beïnvloed?**<br>• Verskillende regeringsvorms: politieke ideologieë en ekonomieë – Afrika-sosialisme/kapitalisme/demokrasie en eenpartystate.<br>**Vergelykende gevallestudies (1960 tot 1980) as voorbeelde om die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele suksesse en uitdagings in onafhanklike Afrika te illustreer (1960 tot 1980). Die gevallestudies moenie afsonderlik geëksamineer word nie.**<br>• Kongo (word 'n instrument van die Koue Oorlog)<br>• Tanzanië (Afrika-sosialisme)<br>**Die suksesse en uitdagings wat onafhanklike Afrika moes trotseer:**<br>• Die tipe state: hul doelwitte/visies (politieke ideologieë);<br>• Polities<br>- Tipe leiers: Lumumba, Mobuto Sese Seko, Nyerere (Wat is die eienskappe van 'n goeie leier?)<br>- Erflatings van kolonialisme<br>- Soorte regerings<br>- Politieke stabiliteit en onstabiliteit<br>• Ekonomies<br>- Soorte ekonomieë (as derdewêreldlande)<br>• Maatskaplik en kultureel<br>- Voordele van onafhanklikheid<br>- Opvoeding<br>- Afrikanisering | **VRAESTEL 1**<br>**VRAE 2 en 5**<br>Opstelvraag<br>(idees wat onafhanklike state beïnvloed het, word ingesluit as inleiding tot die tema) |
| | **Wat was die impak van die interne en eksterne faktore op Afrika op daardie tydstip?**<br>**Afrika as deel van die Koue Oorlog: USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika**<br>**Gevallestudie: Angola**<br>• Inleiding: hoe Afrika by die Koue Oorlog betrek is (breë trekke)<br>• Kompeterende invloedsfere – handel, konflik en hulp<br>• Angola: kolonialisme en onafhanklikheid (breë oorsig)<br>• Uitbreek van burgeroorlog 1974<br>- MPLA<br>- UNITA<br>• Redes vir en aard van betrokkenheid in Angola (USSR, VSA, Kuba, China, Suid-Afrika)<br>• Impak op stabiliteit in die streek<br>• Belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale 1987/1988<br>• Die veranderende aard van internasionale verhoudings na 1989 | Brongebaseerde vrae |

| Tema | Inhoud | Vraagnommer en tipe vrae |
|---|---|---|
| **Burgerlike same-lewinsprotes**<br><br>**1950's – 1970's** | **Watter vorme van burgerlike samelewingsprotes is tussen die 1950's tot 1970's gevorm?**<br><br>**Oorsig van burgerlike samelewingsprotes:**<br>• Bevryding van vroue en feministe-bewegings gedurende die 1960's en 1970's: 'n Middelklas-beweging in die geïndustrialiseerde lande.<br>• Vroue-identiteit in Suid-Afrika vanaf die 1950's tot 1970's: vakbonde, werkers, hul ekonomiese rol in die plattelandse streke en in die informele sektor; as politieke anti-pas-vegters, inisiatiewe geneem binne die vryheidstryd, insluitend die middelklas, Black Sash<br>• Die vredesbewegings: ontwapening; studente en anti-oorlog-bewegings<br>• Burgerregtebewegings | **VRAESTEL 1**<br><br>**Vrae 3 en 6**<br><br>SBA (Skoolgebaseerde assessering) taak |
| | **Gevallestudie:**<br><br>**Die VSA Burgerregte-beweging**<br>• Redes en oorsprong van Burgerregtebeweging in die VSA (slegs agtergrondinligting)<br>1 Rol, impak en invloed van Martin Luther King Jr.<br>- Die invloed van passiewe verset (Gandhi) op Martin Luther King<br>• Vorme van weerstand deur burgerlike ongehoorsaamheid: Montgomery-busboikot, sloerstakings, optogte- insluitend na die Lincoln-gedenkteken, Birmingham-veldtog, Selma Montgomery-optogte<br>• Skooldesegregasie: Gevallestudie Little Rock, Arkansas<br>• Korttermyn- en langtermynvoordele<br><br>**Swartmagbeweging**<br>• Redes vir die beweging<br>• Black Panther<br>• Rol van Stokely Carmichael en Malcolm X<br>• Korttermyn- en langtermynvoordele<br><br>**Slot:** Dit sluit die oorsig af oor die vordering, indien enige, wat gemaak is rakende gelykheid en burgerregte deur die burgerregte- en Swartmagbewegings. | Brongebaseerde en opstelvrae |

<table>
<tr><th>Tema</th><th>Inhoud</th><th>Vraagnommer en tipe vrae</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Burgerlike weerstand<br><br>1970's-1980's: Suid-Afrika</td><td>Wat was die aard van die weerstand deur die Burgerlike bewegings na die 1960's?<br>Inleiding (Nie vir eksamendoeleindes)<br>• Aard van die apartheidstaat in die 1970's en 1980's<br>• Opposisie: ondergronds, in tronke en in ballingskap<br>Swartbewussyn daag die apartheidstaat uit<br>• Die aard en doelwitte van Swartbewussyn<br>• Die rol van Steve Biko met die klem op sy idees en sy geskrifte (persoonlike komplekse is beperkend; mense moet hulself bemagtig);<br>• Swartbewussynsbeweging (SBB)<br>• Swartbewussyn was aanvanklik deur die regering gesien as in ooreen-stemming met die apartheidsteorie van 'eie sake'; die uitdaging van Swartbewussyn se idees wat aan die staat gestel is;<br>• Die 1976 Soweto-opstand – kortliks, verwysend na die invloed van die SBB op die studente<br>• Die erflating van Swartbewussyn op die Suid-Afrikaanse politiek.</td><td>VRAESTEL 2<br>VRAE 1 en 4<br><br>Brongebaseerde vrae</td></tr>
<tr><td>Die krisis van apartheid in die 1980's<br>Regeringspogings om apartheid te hervorm<br>• Die 1982 Wet op Swart Plaaslike Owerhede poog om meer mag aan plaaslike raadslede in die Swartwoonbuurte te gee; die Driekamerregeringstelsel.<br>Interne verset teen hervormings<br>• Groeiende mag van vakbondbewegings vanaf 1973 – swart werkers herontdek hul arbeidsmag; snelgroeiende lidmaatskap; politieke alliansie gevorm met gemeenskappe en bevrydingsbewegings<br>• Reaksie op Botha se hervorming – nuwe metodes van mobilisasie; arbeid se 'uitgebreide massa-aksie'; massa burgerlike aksie om die land onregeerbaar te maak (rol van burgerlikes, UDF, Massa Demokratiese Beweging, Verpligte Militêre Dienspligveldtog en Black Sash).<br>Internasionale reaksie<br>• Internasionale anti-apartheidsbewegings<br>  - Anti-apartheidsbewegings in Brittanje en Ierland<br>  - Aktiwiteite van die Bewegings: sportboikotte; kulturele boikotte; akademiese boikotte; verbruikersboikotte; disinvestering, sanksies; bevry Nelson Mandela-veldtog<br>  - Steun vir die anti-apartheid stryd in Suid-Afrika: Frontlinie-state (Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe)<br>Die begin van die einde<br>• Die Suid-Afrikaanse ekonomie in die moeilikheid, voel die druk van internasionale sanksies, disinvestering sowel as boikotte wat saamgeval het met interne massa-verset<br>• Geheime onderhandelings met die ANC-in-ballingskap en samesprekings met Mandela</td><td>Opstelvrae</td></tr>
</table>

| Tema | Inhoud | Vraagnommer en tipe vrae |
|---|---|---|
| **Die koms van demokrasie in Suid-Afrika en maak van vrede met die verlede** | **Hoe het Suid-Afrika uit die krisis van die 1990's verrys as 'n demokrasie, en hoe het Suid-Afrikaners vrede met die apartheidsverlede gemaak?**<br>**Die onderhandelde ooreenkoms en die Regering van Nasionale Eenheid**<br>• Die begin van onderhandelings met Mandela 1990 tot 1991: ontbanning van organisasies; debatte oor onderhandelings: gesprekke oor samesprekings, insluitend Chris Hani se teenkanting teen die samesprekings; KODESA 1; die rol van die arbeidsmag in die onderhandelings; ANC wat die gewapende stryd opskort<br>• Onderbreking in onderhandelings: 'Slegs Blankes'-referendum (Maart) – De Klerk-oplossing; geweld in die 1990's – debatte oor die geweld; KODESA verbrokkel; Memorandum van Verstandhouding; Joe Slovo en die Sonsondergangklousule (Sunset Clause)<br>• Veelparty-onderhandelingsproses hervat: formele veelparty-onderhandelings hervat in April; moord op Chris Hani – invloed op die proses – verkiesingsdatums vasgestel; voortslepende geweld: pogings om onderhandelings te ontspoor; AWB val Wêreldhandelsentrum binne; St. James-slagting; moorde by die Heidelberg Taverne<br>• Finale pad na demokrasie 1994: weer geweld – val van Mangope en Gqozo en die Bophuthatswana-skietery; Inkatha Vryheidsparty-optog na Shell House en Shell House-slagting; die Grondwet en die Handves van Menseregte; Vryheidsfront en IVP sluit by verkiesing aan; 27 April-verkiesing; die Regering van Nasionale Eenheid | **VRAESTEL 2**<br>**VRAE 2 en 5**<br>Opstelvrae |
| | **Hoe het Suid-Afrika verkies om die verlede te onthou?**<br>**Die Waarheids-en-versoeningskommissie**<br>• Verskeie vorms van geregtigheid: vergeldende geregtigheid en Nuremberg; Herstel geregtigheid en die WVK.<br>• Redes vir die WVK<br>• Verhore<br>• Die debatte oor die WVK<br>- Positiewe aspekte: WVK as 'n instrument van versoening;<br>- Amnestieverskaffing en probleme met amnestie;<br>- Fokus op menseregte van 1980's en ignoreer georganiseerde geweld en die menseregte-vergrype van apartheid<br>- Skadeloosstelling<br>• Reaksie van politieke partye en redes vir die reaksies op die WVK en die finale verslag van die WVK: Nasionale Party, Inkatha Vryheidsparty, African National Congress | Brongebaseerde vrae |

<table>
<tr><th>Tema</th><th>Inhoud</th><th>Vraagnommer en tipe vrae</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe globale wêreldorde</td><td>Hoe het die wêreld sedert die 1960's verander?<br>Die einde van die Koue Oorlog: die gebeure van 1989<br>• Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie<br>• Oos-Europa<br>- Gebeure in Pole – betekenis van 'Solidariteit';<br>- die betekenis van gebeure in Pole ten opsigte van die agteruitgang van die Sowjet-invloed in Oos-Europa; en<br>- Duitsland: die val van die Berlynse Muur<br>• Die disintegrasie van die Sowjetunie: tot watter mate was Gorbachev se hervormings daarvoor verantwoordelik?<br>• Keerpunt in Suid-Afrika – die val van die Sowjetunie en die impak daarvan op SA; Cuito Cuanavale se impak; De Klerk en die ontbanning van organisasies en vrylating van politieke gevangenes in 1989 en Nelson Mandela in 1990.</td><td>VRAESTEL 2<br>Vrae 3 en 6<br><br>Opstelvraag</td></tr>
<tr><td>'n Nuwe wêreldorde<br>• Wat is globalisasie?<br>• Magsbalans en impak op Afrika: Noord-Suid- en Suid-Suid-betrekkinge<br>• Dominering van globale kapitalisme: VSA; Bretton Woods, IMF en Wêreldbank; Wêreld-handelsorganisasie; Burgerlike samelewing se verset teen globale kapitalisme; IT-rewolusie<br>• Opkomende ekonomieë en verskillende vorme van kapitalisme: BRICS: Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika<br>• Suid-Afrika se sukses om volle burgeroorlog te vermy en President Mandela se beleid van versoening wat die wêreld inspireer, maar die proses van bevryding in Suid-Afrika is onvoltooid:<br>- Uitdagings van armoede en ongelykheid, herstel van vorige onregverdigheid, nasiebou en versoekings van 'n bevrydingsbeweging aan bewind – die ontwikkelde staat is een manier om hierdie probleme te probeer oplos<br>• Reaksies op globalisering, die inlui van 'n era van ekonomiese onsekerheid; nasionalisme, lokalisering (soos die verbrokkeling van die voormalige Joegoe-Slawië); ekstremisme (soos godsdienstige fundamentalisme, insluitend regse Christene en Islamitiese fundamentalisme – 9/11 en die gevolge daarvan – die stryd teen terreur, Irak) sowel as omgewingsgroepe.</td><td>Brongebaseerde vrae</td></tr>
</table>

## 4.5 Aantekening en Rapportering

Aantekening is ‘n proses waardeur die onderwyser ‘n leerder se prestasievlak in ‘n spesifieke assesseringstaak aanteken. Hiermee dui die onderwyser die leerder se vordering aan teenoor die bereiking van kennis, soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring. Rekords van ‘n leerder se prestasie behoort bewyse te lewer van sy of haar konseptuele vordering binne ‘n graad, sowel as sy of haar gereedheid om te vorder of bevorder te word na die volgende graad. Rekords van leerderprestasie moet ook gebruik word om die vordering wat onderwysers en leerders in die onderrig- en leerproses gemaak het, te verifieer.

Rapportering is ‘n proses waardeur leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers bekend gemaak word. Leerdervordering kan op verskeie maniere gerapporteer word, insluitend rapporte, ouervergaderings, skoolbesoek dae, ouer-onderwyser konferensies, telefoonoproepe, briewe en klas- of skoolnuusbriewe. Onderwysers in alle grade rapporteer in persentasies teenoor die vak.

Die verskillende prestasievlakke en hul ooreenstemmende prestasiekodes word in die tabel hieronder aangedui.

### 4.5.1 Kodes en persentasies vir aantekening en rapportering

| Prestasievlak | Prestasiebeskrywings | Persentasie |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 - 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 - 29 |

Onderwysers teken die werklike punte teenoor die taak op ‘n aantekeningsblad aan; daar word egter in persentasies teenoor die vak op die leerder se rapport, gerapporteer.

## 4.6 Moderering van Assessering

Moderering verseker dat die assesseringstake billik, geldig en betroubaar is. Moderering behoort op skool-, streeks-, provinsiale en nasionale vlak geïmplementeer te word. Omvattende en gepaste modereringspraktyke moet in plek wees vir gehalteversekering vir alle vakassesserings.

### 4.6.1 Moderering in Geskiedenis

Moderatore moet spesifiek aan die instruksies vir take en projekte, sowel as die bewoording van vrae in eksamens, aandag gee en hulle behoort te vra: Is dit heeltemal duidelik wat van leerders verwag word? Kan dit beter verduidelik word? Is daar verdere inligting wat die leerders sal help om die taak of vraag te voltooi? Hulle moet ook daarop aandring dat verwysings aandui watter bronne gebruik is.

Die tabel vir die *Globale Assessering van Opstelle,* wat vir graad 12-eksamens voorsien word, moet aangepas en gebruik word vir die nasien van alle geskrewe werk en projekte in al drie grade, indien moontlik. Indien matrikse gebruik word, moet die onderwyser vra: Is dit nodig om ‘n matriks te gebruik, aangesien baie take en projekte beter nagesien kan word deur nasienriglyne te gebruik? As ‘n matriks nodig is, meet dit die prestasie van die taak/projek voldoende? Moderatore moet verseker dat assesseringstake en –projekte aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet inligting insluit oor waar en hoe leerders realistiese verwagtinge kan hê om inligting te vind;
- Dit moet leerders waarsku om plagiaat te vermy; en
- Dit moet instruksies voorsien oor hoe verwysings aangedui moet word.

## 4.7 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.7.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.7.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*